# GESINSHERENIGINGSDIENSTE VANUIT DIE KINDERHUIS

deur

**Susan Lerwick**

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad M.A. in Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Stellenbosch

**Studieleier: Dr. S.P. Krüger**

Stellenbosch
Maart 2002

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening Datum

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# OPSOMMING

'n Verkennende studie is onderneem om die moontlikheid te ondersoek vir die lewering van gesinsherenigingsdienste vanuit die kinderhuis. Die uiteindelike doel was om aanbevelings te maak ten opsigte van die implementering van hierdie diens binne die kinderhuis se werksaamhede.

'n Literatuurstudie is onderneem om die effek van 'n kind se statutêre verwydering te ondersoek, asook die staat se beleid ten opsigte van kinders en gesinne. Ondersoek is ook ingestel na die teorie en die eiesoortige kenmerke van gesinsherenigingsdienste as intervensiemetode.

Die maatskaplike werkers wat werksaam is by die vier kinderhuise in die Wes-Kaap wat onder beheer van die N.G. Kerk se Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid staan, is in die empiriese ondersoek betrek. Die maatskaplike werkers het elkeen 'n vraelys voltooi om hul opinie te verkry omtrent die haalbaarheid van gesinsherenigingsdienste vanuit kinderhuise. Die resultate het getoon dat die meerderheid maatskaplike werkers positief gesind is jeens die implementering van gesinsherenigingsdienste. Hierdie diens moet volgens die respondente egter nie alleen vanuit die kinderhuis onderneem word nie, maar in spanverband met die betrokke eksterne organisasies. Verskeie hindernisse in die uitvoering van hierdie diens is identifiseer. Daar is ook bevind dat die meerderheid van die kinders in die kinderhuise vir langer as twee jaar reeds in die kinderhuis se sorg verkeer, wat die noodsaaklikheid van die diens verder beklemtoon het.

Op grond van die ondersoek en die reslutate is aanbevelings gemaak ten opsigte van die implementering van gesinsherenigingsdienste vanuit die kinderhuis in samewerking met die betrokke eksterne organisasies. Die aanbevelings van hierdie ondersoek is van toepassing op kinderhuise in die algemeen met die nodige in ag neming van hul individuele verskille.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


## SUMMARY

An exploratory study was undertaken to examine the possibility of rendering family reunification services from within children's homes. The goal of the study was to make recommendations with regard to the implementation of this service by children's homes.

A literature study was undertaken to investigate the effect of a child's statutory removal, examine the existing government policy regarding children and families. The theory and unique characteristics of family reunification services were also investigated.

The social workers from the four children's homes in the Western Cape that are managed by a commission of the Dutch Reformed Church were involved in the empirical study. The social workers each had to complete a questionnaire regarding their opinion about the rendering of family reunification services from within the children's homes. The results showed that the majority of the social workers were in favour of the rendering of family reunification services, but they felt that it should be undertaken in conjunction with the external organizations, that referred the children to them. Several obstacles in the rendering of this service was also identified by this study. It was also found that the majority of the children in the children's homes have been there for longer than two years, which further accentuated the necessity of this service.

Based on the findings of the literature study, as well as the results of the empirical study recommendations were made regarding the implementation of family reunification services as a co-operative effort between the children's homes and other relevant external organizations. These recommendations are applicable to other children's homes with cognisance of their individual differences.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


# DANKBETUIGINGS

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om die volgende persone te bedank:

God, my Vader, vir Sy oneindige liefde en genade

Dr. Krüger vir haar professionele leiding, raad, geduld en humor

My man, Christopher, vir sy geduld, liefde, ondersteuning en hulp met die grafieke en tegniese versorging

Me. Visser, Mnr. Swanepoel en Mev. Ferreira van Huis van Heerde Kinderhuis vir hul aanmoediging en ondersteuming

Die maatskaplike werkers van die onderskeie kinderhuise wat tyd uit hul baie besige skedules geneem het om die vraelys te voltooi

Hanneke Basson vir haar hulp met die taalkundige versorging

My ouers vir hul aanmoediging en belangstelling

My skoonouers vir hul aanmoediging en belangstelling en my skoonpa vir sy hulp met die tegniese versorging.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# INHOUDSOPGAWE

**Bladsy**

## HOOFSTUK 1: INLEIDING


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Motivering vir die studie | 1 |
| 1.2 | Doelstelling van die studie | 3 |
| 1.3 | Afbakening van die navorsingsveld | 4 |
| 1.4 | Navorsingsmetodologie | 4 |
| 1.4.1 | Literatuurstudie | 4 |
| 1.4.2 | Tipe navorsing | 5 |
| 1.4.3 | Steekproeftrekking | 5 |
| 1.4.4 | Data-insameling | 5 |
| 1.5 | Dataverwerkingsprosedures | 5 |
| 1.6 | Begripsomskrywings | 6 |
| 1.6.1 | Substituutsorg | 6 |
| 1.6.2 | Kinderhuis | 6 |
| 1.6.3 | Gesinsherenigingsdienste | 6 |
| 1.6.4 | Gesinsinstandhoudingsdienste | 7 |
| 1.6.5 | Gesinskonferensie | 7 |
| 1.6.6 | Eksterne organisasie | 7 |
| 1.7 | Berperkinge van die studie | 8 |
| 1.8 | Aanbieding | 8 |

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## HOOFSTUK 2: IMPLIKASIES VAN 'N KIND SE STATUTêRE VERWYDERING


2.1 Inleiding 9

2.2 Teoretiese onderbou 10

2.3 Die effek van statutêre verwydering op 'n kind 11

2.3.1 Binding met betekenisvolle persone 13

2.3.2 Die vermoë om ander te vertrou 14

2.3.3 Emosionele reaksie 14

2.4 Die effek van 'n kind se statutêre verwydering op die gesin 16

2.5 Die effek van 'n kind se statutêre verwydering op die ouers 17

2.5.1 Emosionele trauma 17

2.5.2 Ouerskapsvaardighede 18

2.6 Die effek van 'n kind se statutêre verwydering op die gemeenskap 19

2.7 Staatsbeleid ten opsigte van die kind en die gesin 20

2.7.1 Die Witskrif vir Welsyn 21

2.7.2 Die Inter-Ministeriële Komitee Vir Kwesbare Jeugdiges 22

2.7.3 Die Nasionale Program van Aksie vir Kinders 23

2.7.4 Armoede en Ongelykheid in Suid-Afrika 23

2.7.5 Konsepstrategie vir Kinderbeskerming 23

2.7.6 Konsep Nasionale Beleidsraamwerk vir Gesinne 24

2.7.7 'n Nuwe Afrika Inisiatief 25

2.8 Gemeenskaplike prioriteite van die beleidsdokumente 25

2.9 Samevatting 26

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## HOOFSTUK 3: GESINSHERENIGINGSDIENSTE


3.1 Inleiding 27

3.2 Omskrywing van gesinsinstandhoudingsdienste en gesinsherenigingsdienste 27

3.3 Die teoretiese onderbou van gesinsherenigingsdienste 29

3.1.1 Ontwikkelingsbenadering 30

3.1.2 Sterkteperspektief 31

3.1.3 Sosiale leerteorie 34

3.1.4 Krisisingrypings 34

3.4 Die grondslag van gesinsinstandhoudingsdienste 36

3.5 Eienskappe van gesinsherenigingsdienste 37

3.5.1 Permanensie beplanning 37

3.5.2 Selekteringskriteria 38

3.5.3 Aard van dienslewering 39

3.6 Maatskaplikewerk-intervensie 43

3.7 Gesinskonferensie 46

3.8 Samevatting 51


## HOOFSTUK 4: DIE HAALBAARHEID VAN GESINSHERENIGINGSDIENSTE VANUIT DIE KINDERHUIS


4.1 Inleiding 52

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2 Afbakening van die ondersoek 53

4.3 Data-insameling en dataverwerking 53

4.4 Resultate van die ondersoek 53
4.4.1 Profiel van die maatskaplike werker 54
4.4.2 Mening omtrent die belang van gesinsherenigingsdienste vanuit die kinderhuis 59
4.4.3 Mening omtrent die verantwoordelikheid vir die lewering van gesinsherenigingsdienste aan kinders en hul gesinne 61
4.4.4 Uitvoerbaarheid van gesinsherenigingsdienste 62
4.4.5 Aantal kinders en gesinne wat voldoen aan die kriteria vir gesinsherenigingsdienste 64
4.4.6 Tydperk van verblyf in die kinderhuis 65
4.4.7 Gemeenskapsbetrokkenheid 67

4.5 Samevatting 67

**HOOFSTUK 5:GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

5.1 Inleiding 69

5.2 Gevolgtrekkings 70
5.2.1 Maatskaplikewerker-profiel 70
5.2.2 Die belangrikheid van gesinsherenigingsdienste 70
5.2.3 Die verantwoordelikheid vir die lewering van gesinsherenigingsdienste aan kinders en hul gesinne 70
5.2.4 Die uitvoerbaarheid van gesinsherenigingsdienste 71

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.5 Aantal gesinne wat voldoen aan die kriteria vir die lewering van gesinsherenigingsdienste 72
5.2.6 Tydperk van verblyf in die kinderhuis 72
5.2.7 Gemeenskapsbetrokkenheid 73

5.3 Aanbevelings 73
5.3.1 Staatsbeleid 75
5.3.2 Beheerrade van welsynsorganisasies 75
5.3.3 Samewerking tussen kinderhuise en eksterne organisasies 75
5.3.4 Kinderhuise 76
5.3.5 Personeel benutting 77
5.3.6 Verdere navorsing 78

**BIBLIOGRAFIE** **79**

Bylae1: Vraelys

## LYS VAN TABELLE

Tabel 4.1 Ouderdom van respondente
Tabel 4.2 Aantal kinders en gesinne in kinderhuis
Tabel 4.3 Gevallelading

## LYS VAN DIAGRAMME

Diagram 5.1 'n Skematiese voorstelling van die implementering van gesinsherenigings-dienste

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**LYS VAN FIGURE**

2.1 'n Sistemiese voorstelling van die kind, ouers, gesin, gemeenskap en samelewing
2.2 Menslike ontwikkeling vanuit Erikson se Psigososiale Ontwikkelingsteorie
2.3 Die ooreenkomste tussen bestaande beleidsdokumente oor kinders en gesinne
3.1 Krisisingryping na die statutêre verwydering van 'n kind
4.1 Aantal jare veldwerk ondervinding as maatskaplike werker
4.2 Aantal jare kinderhuisondervinding
4.3 Opleiding ontvang ten opsigte van gesinsherenigingsdienste
4.4 Die belang van die lewering van gesinsherenigingsdienste
4.5 Die lewering van gesinsherenigingsdienste
4.6 Mening omtrent die praktiese uitvoerbaarheid
4.7 Hindernisse in die lewering van gesinsherenigingsdienste vanuit kinderhuise
4.8 Gesinne wat kwalifiseer vir die lewering van gesinsherenigingsdienste
4.9 Tydperk wat kinders in die kinderhuis verkeer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 1: MOTIVERING VIR DIE STUDIE

## 1.1 Inleiding

Die Witskrif vir Welsyn (1996) bestempel residensiële sorg as 'n "laaste uitweg". Die realiteit is dat residensiële sorg, indien dit geïntegreerde en holistiese benaderings benut, 'n sinvolle bydrae tot die welsyn van Suid-Afrika se kinders, gesinne en gemeenskappe kan maak (Gaffley 1996:358). Hierdie standpunt word gesteun deur Weiner en Kupermintz (2001:232-233) se bevindinge in hul studie oor die impak van gesinsontwrigting en die inrigtingsversorging van jong kinders wat bevind het dat die meerderheid van die 268 betrokkenes in hul jong volwasse lewe toereikend en goed gefunksioneer het en dat die inrigtingsversorging, asook die duur daarvan, nie 'n negatiewe impak op hul lewens gehad het nie. Inteendeel, hulle het beter gefunksioneer as wat daar aanvanklik van hulle verwag is. Die ondersoeker wil nie hiermee te kenne gee dat die verwydering van kinders die antwoord op die welsynsprobleme van die gesin is nie, maar eerder dat dit as tussentydse maatreël met groot sukses aangewend kan word. Verwydering moet te alle tye met groot omsigtigheid geskied en nie verkeerdelik as oplossing vir 'n krisis gesien word nie (Krüger 1996:3).

Die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983 maak voorsiening vir die plasing van sorgbehoewende kinders in substituutsorg vir 'n tydperk van twee jaar. Die veronderstelling is dus dat substituutsorg as tydelike maatreël gebruik sal word en dat die kinders weer in hul ouers se sorg herstel sal word. Volgens Gaffley (1996:351) bly hierdie kinders egter veel langer in substituutsorg en word 'n groot aantal van hulle nooit weer met hul ouers herenig nie. Die toedrag van sake kan, volgens hom, aan die afwesigheid van permanensiebeplanning en gesinsherenigingsdienste, asook die feit dat die kinders kontak met hul ouers verloor het, toegeskryf word. Kontak tussen die kind en sy familie word bemoeilik, aangesien die kinders wat in 'n kinderhuis geplaas word dikwels nie net uit hul gesin nie, maar ook uit hul gemeenskap van oorsprong verwyder word, omdat hulle geplaas word waar daar plek beskikbaar is (Gaffley 1996:353).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daarbenewens word rekonstruksiedienste, volgens Kruger (1996:3), dikwels vir die ouers en die kind apart gelewer wat 'n potensiële leergeleentheid vir die gesin, ten opsigte van ouerleiding, laat verlore gaan. Die Witskrif vir Welsyn (1996) voer verder aan dat welsynsdienste in die geheel gefragmenteerd is weens 'n gebrek aan samewerking tussen die onderskeie sektore, in hierdie geval die verwysende organisasies en die kinderhuise. Hierdie fragmentering van dienste lei daartoe dat dienslewering gedupliseer word deur welsynsdienste, swak en ondoeltreffend is en juis hierdie kinders en gesinne waarvoor daar beywer word, benadeel. Die kwessie van samewerking kan uitgebrei word na interdissiplinêre samewerking wat volgens McAuly & Trew (2000:104), asook Hutchinson en Charlesworth (2000:581), aangemoedig behoort te word ten einde kliëntsisteme ten beste te ondersteun.

Volgens die beginsels van die Konsep Raamwerk vir die Beskerming van Kinders (September 2000) behoort ondersteuning en kapasiteitsuitbouing aan die gesin voorsien te word deur middel van ontwikkelingsgerigte assessering en programme wat die gesin se ontwikkeling oor 'n tydperk bewerkstellig en versterk. Bogenoemde impliseer dat gesinne by die opstel van permanensiebeplanning, asook die programme vir die lewering van gesinsherenigingsdienste, betrek sal word. Sodoende het al. die betrokke partye 'n duidelike aanduiding van waarheen hulle op pad is en kan hulle, volgens Potgieter (1998:9), as deel van die oplossing, in plaas van die oorsaak van die probleem, gesien word. Hierdie verandering kan slegs plaasvind indien die betrokke maatskaplike werker daarvan bewus is dat elke individu oor potensiaal beskik wat gedurende die proses van verandering ontdek en benut kan word en daar dus vanuit die sterkte-perspektief (Saleeby 1992:8) te werk gegaan sal word.

Die ondersoeker is deur haar werksaamhede as maatskaplike werker by 'n gesinsorg- organisasie, asook senior kinderversorger in 'n kinderhuis, sterk onder die indruk gebring dat kinders dikwels vir lang periodes in die kinderhuise aanbly (waar daar deurlopend dienste aan hulle gelewer word), terwyl hulle ouers min tot geen gesinsherenigingsdienste ontvang. Dit sluit aan by Krüger (1996:2) se waarneming dat die ouers se omstandighede dikwels by die kind se terugkeer onveranderd gebly het en dat die gesin as geheel dus nie gebaat het by die ingryping nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die realiteit binne inrigtingsversorging is dus in teenstelling met die Konsep Beleidsraamwerk vir Gesinne (1996:17) wat van die standpunt uitgaan dat gesinsherenigingsdienste as doelwit tot die bereiking van gesinsinstandhouding bedryf moet word. Hierdie beleidsraamwerk omskryf gesinsherenigingsdienste as die sistematiese hereniging van kinders in substituutsorg met hul gesin en gemeenskap van oorsprong.

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat inrigtingsversorging 'n belangrike bydrae kan lewer tot die welsyn van Suid-Afrika se kinders en gesinne. Dit kan gedoen word deur bestaande fragmentering binne maatskaplikewerk-dienslewering teen te werk deur middel van gesinsherenigingsdienste vanuit die kinderhuis wat gefundeer is op onder meer die ekologiese benadering en die sterkteperspektief. Beleidsdokumente verleen nie alleen sanksie vir gesinsherenigingsdienste nie, maar is sterk rigtinggewend.

## 1.2 Doelstelling van die studie

Die studie het ten doel om riglyne vir die lewering van gesinsherenigingsdienste vanuit 'n kinderhuis te formuleer.

Doelwitte wat hieruit voortspruit is:

1.2.1 Om aan die hand van 'n teoretiese ondersoek die effek van die statutêre verwydering van 'n kind te bepaal;

1.2.2 om 'n teoretiese uiteensetting van die doel, aard en vereistes ten opsigte van gesinsherenigingsdienste soos vanuit die kinderhuis gelewer, te bied;

1.2.3 om aan die hand van 'n empiriese ondersoek maatskaplike werkers, wat binne die vier kinderhuise van die Sinodale Kommissie vir die Diens van barmhartigheid in die Wes-Kaap werksaam is, se mening omtrent die uitvoerbaarheid van gesinsherenigingsdienste vanuit kinderhuise te bepaal; en

1.2.4 om vanuit die empiriese ondersoek aanbevelings te maak ten opsigte van die lewering van gesinsherenigingsdienste vanuit 'n kinderhuis op die platteland.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 1.3 Afbakening van die navorsingsveld

Daar is vier kinderhuise onder toesig van die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika wat in die Wes-Kaap geleë is. Aangesien die ondersoeker by een van hierdie kinderhuise werksaam is, is besluit om die ondersoek tot hierdie kinderhuise te beperk.

Die ondersoek het ten doel om riglyne vir die lewering van gesinsherenigingsdienste vanuit die kinderhuis saam te stel. Om hierdie rede is die mening van die maatskaplike werkers, wat binne hierdie kinderhuise werksaam is, aangaande die uitvoerbaarheid van gesinsherenigingsdienste vanuit die kinderhuis verkry.

## 1.4 Navorsingsmetodologie

### 1.4.1 Literatuurstudie

Die verkenning van literatuur is begin deurdat die ondersoeker 'n rekenaarsoektog gedoen het om te bepaal of daar soortgelyke ondersoeke by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en Suid-Afrikaanse Studies geregistreer is. Geen soortgelyke ondersoeke is egter tydens die soektog gevind nie.

Relevante tydskrifartikels en boeke oor die onderwerp is deur middel van 'n elektroniese literatuursoektog by die J.S. Gericke Biblioteek gevind, asook die Departement Maatskaplike Werk van die Universiteit van Stellenbosch se Erika Theron leeskamer.

Inligting oor die lewering van gesinsherenigingsdienste is tydens die bywoning van 'n gesinsinstandhoudingswerkswinkel van die Departement van Welsyn bekom. Die werkswinkel was geskoei op die bevindinge van die Inanda Loodsprojek wat in 'n handleiding vervat is. Die handleiding is ook as bron benut.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 1.4.2 Tipe navorsing

Die ondersoeker wou deur middel van die navorsing meer bekend raak met die onderwerp van gesinsherenigingsdienste en die benutting daarvan vanuit kinderhuise om sodoende riglyne vir die implementering van hierdie diens vanuit kinderhuise te formuleer. Daar is gevolglik besluit op verkennende navorsing, aangesien dit 'n nuwe veld is wat betree word (De Vos 1998:124; Grinnell 1993:264; Huysamen 1993:96).

### 1.4.3 Steekproeftrekking

Aangesien die studie reeds beperk is tot die vier kinderhuise in die Wes Kaap wat onder beheer van die N.G. Kerk se Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid is, is daar besluit om al die maatskaplike werkers by hierdie kinderhuise by die empiriese ondersoek te betrek. Daar is dus gebruik gemaak van doelgerigte steekproeftrekking soos omskryf deur De Vos (1998:198), aangesien die maatskaplike werkers wat by die betrokke kinderhuise werksaam is, volgens die ondersoeker, hoofsaaklik oor die eienskappe beskik wat verteenwoordigend is van die populasie, naamlik alle maatskaplike werkers verbonde aan kinderhuise.

### 1.4.4 Data-insameling

Vir die empiriese ondersoek is daar gebruik gemaak van selfrapporteringsvraelyste, wat na afloop van 'n kort inligtingsessie omtrent die doel van die studie, deur die maatskaplike werkers van die onderskeie kinderhuise ingevul is.

Tien maatskaplike werkers is by die studie betrek en almal het hul vraelyste per faks teruggestuur. Daar was dus 'n 100% responskoers.

## 1.5 Dataverwerkingsprosedures

Daar is op 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing besluit, aangesien dit belangrik was om respondente se opinie oor die aangeleentheid te verkry. Daar is 10 vraelyste uitgedeel en 10 respondente het daarop reageer. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inligting is met behulp van die Microsoft Excel-program verwerk en inligting is statisties weergegee. Respondente se menings word direk opsommend weergegee.

## 1.6 Begripsomskrywings

Daar sal in die studie vir taalkundige redes na kinders in die manlike vorm verwys word. Die volgende begrippe word omskryf ten einde te verseker dat die leser die betekenis daarvan binne die konteks van die studie verstaan.

### 1.6.1 Substituutsorg

Die versorging van kinders weg van hul ouers (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk 1995:60).

### 1.6.2 Kinderhuis

Die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983 omskryf 'n kinderhuis as "enige verblyfplek of tehuis wat instand gehou word vir die opname, beskerming, versorging en opvoeding van meer as ses kinders of leerlinge, weg van hulle ouers af, maar nie ook 'n nywerheidskool of verbeteringskool nie".

### 1.6.3 Gesinsherenigingsdienste (Rekonstruksiedienste)

Gesinshereningingsdienste behels kinder- en gesinsorg gerig op die terugkeer van 'n gesinslid wat in residensiële sorg is of 'n kind wat in pleegsorg is (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk 1995:56). Volgens die Nasionale Beleidsraamwerk vir Gesinne (2001:17) is dit alle dienste wat daarop gemik is om kinders in residensiële en pleegsorg stelselmatig met hul gesinne en gemeenskappe te herenig.

Vir die doel van die ondersoek sal die woord gesinsherenigingsdienste gebruik word om te verwys na maatskaplikewerk-dienslewering wat daarop gemik is om 'n kind in 'n kinderhuis te herenig met sy gesin.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 1.6.4 Gesinsinstandhoudingsdienste ("family preservation")

Volgens die Nasionale Beleidsraamwerk vir Gesinne (2001:17) impliseer gesinsinstandhoudingsdienste intensiewe dienslewering aan gesinne met die doel om die verwydering van kinders uit hul ouers se sorg te voorkom. Dit spreek risikofaktore binne die gesin aan deur die gesin te help versterk en hulle te help om ondersteuningsnetwerke binne hul gemeenskap te ontwikkel.

Alle dienste wat daarop gemik is om die kind binne sy gesin en/of gemeenskap van oorsprong te behou, geskied volgens die Konsep Beleidsraamwerk vir Kinderbeskerming (2000:3) gesinsinstandhoudingsdienste.

### 1.6.5 Gesinskonferensie ("family group conferencing")

Die gesinskonferensie word binne gesinsinstandhoudingsdienste gesien as 'n gesamentlike besluitnemingsproses wat gebruik word in situasies waar daar 'n behoefte aan 'n plan vir die kind en die gesin is. Binne die gesinskonferensie word daar gefokus op wie beplan, hoe hulle beplan en hoe die plan geïmplementeer sal word (Inanda Loodsprojek Handleiding).

Die gesinskonferensie word vir die doel van hierdie studie beskou as 'n vergadering waaraan al die betrokke gesinslede, en ander betekenisvolle persone soos deur die gesin geïdentifiseer, asook die gesinsherenigingspan deelneem. Die doel van die gesinskonferensie is om die hereniging van die gesin te bespreek en daarvoor te beplan.

### 1.6.6 Eksterne organsiasies

Vir die doel van hierdie studie verwys die term, eksterne organisasies, na kinder- en gesinsorg organisasies wat kinders na kinderhuise verwys.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 1.7 Beperkinge van die studie

Die studie is tot 'n groot mate beperk deur 'n gebrek aan Suid-Afrikaanse literatuur oor gesinsherenigingsdienste. Die meeste literatuur was afkomstig van Eerste Wêreld lande soos Engeland en Amerika en hul omstandighede, veral ten opsigte van welsynsdienste, verskil radikaal van Suid-Afrika. Dit het daartoe aanleiding gegee dat voorstelle nie altyd prakties uitvoerbaar is binne die Suid-Afrikaanse konteks nie.

## 1.8 Aanbieding

Die navorsingstudie word in vyf hoofstukke uiteengesit. In hierdie hoofstuk is die ondersoeker se motivering vir die studie wat die waarde van gesinsherenigingsdienste aan kinders in substituutsorg en hul gesinne beklemtoon, uiteengesit.

In die tweede hoofstuk is ondersoek gedoen na die implikasies van die statutêre verwydering van 'n kind op die kind, gesin, gemeenskap en samelewing. Dit word gedoen vanuit 'n ekologiese perspektief en met inagneming van die menslike ontwikkelingsteorie. In hierdie hoofstuk word ook ondersoek gedoen na die staat se beleid ten opsigte van die kind en die gesin.

Die teoretiese onderbou, ontstaan en kenmerke van gesinsherenigingsdienste word in die derde hoofstuk bespreek. Die maatskaplikewerk-proses waardeur gesinsherenig-ingsdienste gelewer word, word ook kortliks bespreek. Spesifieke aandag word gegee aan die benutting van gesinskonferensies as 'n intervensiestrategie in die proses van dienslewering aan die gesin.

Die bevindinge van die empiriese ondersoek is in die vierde hoofstuk uiteengesit, waarna die gevolgtrekkings van die ondersoek en aanbevelings ten opsigte van die implementering van gesinsherenigingsdienste vanuit die kinderhuis in hoofstuk vyf aangebied word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 2: IMPLIKASIES VAN 'n KIND SE STATUTêRE VERWYDERING

## 2.1 Inleiding

Dit word algemeen aanvaar dat die gesin primêr verantwoordelik is vir die versorging van al sy lede. Daar is egter omstandighede, soos uiteengesit in Artikel 14(4) van die Wet op Kindersorg 74 van 1983, wat die statutêre verwydering van minderjarige kinders noodsaak. Gronde vir verwydering, soos vervat in die bogenoemde wet, kom neer op die fisiese en emosionele mishandeling en/of verwaarlosing van die kind. Die statutêre verwydering, en daaropvolgende substituutsorgplasing, word dus deur maatskaplike werkers uitgevoer in die beste belang van die kind. Ten spyte van hierdie negatiewe oorwegings is Leashore, McMurray en Bailey (1991:262) van mening dat hierdie optrede die sosiale en psigologiese ontwikkeling van die kind kan strem en net nog 'n bedreiging vir en aanslag op die welsyn van kinders en hul gesinne kan wees. Olson (1988:178) beweer verder dat die probleme wat geskep word as gevolg van die lang skeiding van gesinne dikwels dieper en meer permanent is as die probleme wat aanleiding tot die verwydering gegee het.

Die oortuiging bestaan dat daar 'n balans gevind moet word tussen rehabiliterende- en voorkomende dienste. Statutêre verwydering moet slegs in uiterste omstandighede plaasvind nadat alle pogings tot gesinsinstandhouding misluk het. Permanensie-beplanning moet te alle tye aandag geniet en daar moet gevolglik dringend aksies ten opsigte van gesinsherenigingsdienste beplan word.

Ten einde die volle implikasies van die statutêre verwydering van 'n kind te verstaan, is dit noodsaaklik om dit vanuit 'n ekologiese- en sisteemteoretiese perskpektief te beskou. In hierdie hoofstuk sal die implikasies van statutêre verwydering vir die kind, gesin en gemeenskap aan die hand van hierdie teorieë bespreek word. Ondersoek sal ook ingestel word na die effek van kinders se statutêre verwydering op die staat se beleidsformulering ten opsigte van kinders en gesinne in Suid-Afrika.

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH
BIBLIOTEEK

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 2.2 Teoretiese onderbou


Ten einde 'n verantwoordbare diens te verseker moet daar vanuit 'n sterk teoretiese gerigtheid gewerk word. In die eerste plek is dit essensieël om 'n ekologiese perspektief te benut.

Ekologie is die biologiese studie van die verhoudings tussen verskillende komponente van 'n biotiese gemeenskap (Germaine & Gitterman 1996:1). Maatskaplike werk bestudeer die individue binne sy gesin, gemeenskap en samelewing as die biotiese gemeenskap waarmee die professie gemoeid is. Die voordeel van hierdie perspektief in die hantering van kinderverwaarlosing en/of mishandeling is dat die probleem nie in isolasie gesien word nie, maar binne die konteks van die kind en gesin se lewensomstandighede.

Die ekologiese perspektief stel die maatskaplike werker in staat om beter begrip en insig te ontwikkel omtrent die wederkerigheid van persoon-omgewing-wisselwerking, wat mekaar met die verloop van tyd beïnvloed en vorm (Germain & Gitterman 1996:7). Hierdie wisselwerking kan positief, negatief of neutraal van aard wees.

Die sisteemteorie sluit sterk by die ekologiese perspektief aan. Volgens die sisteemteorie is die kind, gesin, gemeenskap en samelewing elk 'n sisteem op sy eie. Elke sisteem vorm egter 'n sub-sisteem van 'n groter sisteem, terwyl dit self in subsisteme verdeel kan word (Potgieter 1998:54). Die individu bestaan uit vier subsisteme, naamlik emosioneel, kognitief, spiritueel en fisies. Die individu vorm 'n subsisteem van die gesin, wat weer 'n subsisteem van die gemeenskap vorm, wat weer 'n subsisteem van die samelewing vorm. Die afleiding kan dus gemaak word dat hierdie sisteme 'n wedekerige invloed op mekaar het aangesien elk 'n intrinsieke deel van die ander uitmaak en die sisteme se individuele funksionering 'n invloed op die ander het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za




**Figuur 2.1 'n Sistemiese voorstelling van die kinderhuis se invalshoek ten opsigte van gesinsherenigingsdienste**

Die voorafgaande figuur beeld die ineenskakeling van die onderskeie sisteme, asook die wederkerige invloed wat hulle op mekaar het uit. Dit blyk dus dat die verwydering van 'n kind noodwendig 'n uitwerking op die ouers, gesin, gemeenskap en die samelewing sal hê aangesien die kind ook deel vorm van al hierdie sisteme.

## 2.3 Die effek van statutêre verwydering op 'n kind

Die mens se ontwikkeling, soos deur Erikson (1982) uiteengesit en verder ontwikkel deur die psigo-sosiale teorie, is gebaseer op die veronderstelling dat die mens se lewe uit 11 fases - vanaf geboorte tot sterwe - bestaan. Elkeen van hierdie fases word gekenmerk deur spesifieke ontwikkelingstake wat bemeester moet word, asook 'n spesifieke krisis wat opgelos moet word ten einde binne die samelewing aan te pas en tot die volle potensiaal van die individu te ontwikkel (Thomas 2000:144-159; Dworetzky 1996:367; Newman & Newman 1987:28-34). Die ontwikkelingstake bestaan uit verskillende vaardighede wat bydra tot die bemeestering van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omgewing. Die take is opeenvolgend van aard, wat beteken dat sukses of mislukking in die aanleer van die take in een fase aanleiding gee tot groter kanse op sukses of mislukking in die aanleer van vaardighede in die daaropvolgende fase. Die bemeestering van elke fase se ontwikkelingstake word beïnvloed deur die oplossing van die voorafgaande fase se psigo-sosiale krisis.

Hierdie fases, take en krisisse word vervolgens in figuur 2.2 uiteengesit ten einde 'n geheelbeeld te gee van gesonde ontwikkeling as raamwerk waarteen die effek van statutêre verwydering gemeet kan word. Vir die doel van die studie sal die voorgeboortelike fase, asook die laat volwasse jare en bejaardheid uitgelaat word.

| Lewensfase | Take | Psigo-sosiale krisis |
|---|---|---|
| Baba<br>(0-2 jaar) | 1. Binding<br>2. Sensoriese en motoriese ontwikkeling<br>3. Sensories-motoriese intelligensie en primitiewe oorsaaklikheid<br>4. Objekpermanensie<br>5. Emosionele ontwikkeling | Vertroue teenoor wantroue |
| Kleuter<br>(2-4 jaar) | 1. Uitbreiding van beweging<br>2. Fantasie en spel<br>3. Taalontwikkeling<br>4. Selfbeheersing | Outonomie teenoor skaamte en twyfel |
| Vroeë skooljare<br>(4-6 jaar) | 1. Geslagsrol-identifikasie<br>2. Vroeë morele ontwikkeling<br>3. Groepspel<br>4. Selfbeeld-ontwikkeling | Inisiatief teenoor skuldgevoelens |
| Middelskooljare<br>(6-12 jaar) | 1. Vorming van vriendskapsverhoudings<br>2. Self-evaluering<br>3. Konkrete handelinge<br>4. Aanleer van vaardighede<br>5. Spanwerk | Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid |
| Vroeë adolessensie<br>(12-18 jaar) | 1. Fisiese ontwikkeling<br>2. Formele handelinge<br>3. Emosionele ontwikkeling<br>4. Lidmaatskap van portuurgroepe<br>5. Heteroseksuele verhoudings | Groep-identiteit teenoor vervreemding |
| Laat adolessensie<br>(18-22 jaar) | 1. Onafhanklikheid van ouers<br>2. Geslagsrol identifikasie<br>3. Geïnternaliseerde moraliteit<br>4. Beroepskeuse | Individuele identiteit teenoor verwarring |
| Vroeë volwasse jare<br>(22-34 jaar) | 1. Toetrede tot die huwelik<br>2. Ouerskap<br>3. Werk<br>4. Lewenstyl | Intimiteit teenoor isolasie |
| Middel-volwasse jare<br>(34-60 jaar) | 1. Koestering van die huweliksverhouding<br>2. Bestuur van huishouding<br>3. Grootmaak van kinders<br>4. Bestuur van 'n loopbaan | Generatiwiteit teenoor stagnasie |

**Figuur 2.2 Menslike ontwikkeling vanuit Erikson se Psigososiale Ontwikkelingsteorie (Newman & Newman 1987:33)**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit die bogenoemde figuur volg dus dat gebeure op enige stadium van 'n individu se ontwikkeling deurlopend tot in die persoon se latere lewe effek het. In terme van die huidige situasie dui dit dus daarop dat die statutêre verwydering van 'n kind uit sy ouerhuis nie alleen vir sy en die gesin traumatiese gevolge inhou nie, maar moontlik gevolge vir die res van die persoon se lewe inhou. Dit bevestig dus die belang van gesinsinstand-houdingsdienste en, waar nodig, gesinsherenigingsdienste. Ten einde hierdie gevolge vir die individu toe te lig, sal daar vervolgens eers gelet word op die kind se vermoë om met ander te bind en ander te vertrou, waarna ondersoek ingestel sal word na die kind se emosionele belewenis van die verwydering.

### 2.3.1 Binding met betekenisvolle persone

Wanneer die kind uit sy ouer se sorg verwyder word, bedreig dit die mees betekenisvolle verhouding van die kind se lewe, naamlik die ouer-kind verhouding. Alle kinders het 'n stabiele, langdurende verhouding met 'n versorger nodig ten einde fisies, sosiaal, emosioneel, intellektueel en moreel te ontwikkel (Schuerman, Rzepnicki en Little 1994:5; Hess IN Maluccio, Fein en Olmstead 1986:6). Die ouer-kind verhouding is, volgens Maluccio *et al.* (1986:7), dus sentraal in die kind se ontwikkeling. Wanneer die ouer-kind verhouding swak is, of verswak het as gevolg van die kind se verwydering, kan dit aanleiding gee tot 'n bindingsversteuring met negatiewe gevolge, aangesien dit een van die kind se primêre ontwikkelingstake as baba is om met 'n primêre versorger te bind. Howe, Dooley en Hinings (2000:144) voer aan dat indien die kind se bindingsbehoefte nie bevredig word nie, hy gedrag sal openbaar om die bevrediging daarvan aan te moedig, deur byvoorbeeld te huil. Die kind sal alle ander take, soos ontdekking en spel, uitstel totdat die bindingsbehoefte bevredig is. Indien die kind nie in staat is om die psigo-sosiale krisis van die baba-fase, naamlik vertroue teenoor wantroue, op te los nie, kan dit daartoe aanleiding gee dat die kind ander take uitstel wat weer kan veroorsaak dat die aanleer van 'n volgende taak bemoeilik kan word. Wanneer ontwikkelingstake soos die uitbreiding van beweging en taalontwikkeling nie aandag geniet nie, kan dit aanleiding gee tot belemmerde emosionele en intellektuele ontwikkeling van die kind, byvoorbeeld ten opsigte van lees- en spelprobleme.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ouer-kind verhouding word as 'n "onsigbare koord" beskryf wat die kind 'n gevoel van verbintenis tot sy ouers en omgewing gee en ook sy identiteit beïnvloed. Die verbintenis van die kind met sy ouer is, volgens Leashore *et al.* (1991:252), dikwels, ongeag die ouer se gedrag, die kind se enigste bron van sekuriteit en identiteit. Volgens Bowlby (1960) se bindingsteorie word die baba gebore met die intrinsieke behoefte om met 'n versorger te bind (Dworetzky 1996:163, 165). Bowlby (1960) het binding beskou as die manier waarop die mens in totaliteit met ander omgaan deur verskillende gedrag op verskillende tye te openbaar. Hierdie gedrag is belangrik, aangesien dit sosiale binding en die voortsetting daarvan verseker.

### 2.3.2 Die vermoë om ander te vertrou

'n Baba is vanaf geboorte van sy primêre versorger afhanklik vir oorlewing. Vertroue in ander se vermoë om die kind se behoeftes te bevredig, lê dus ten grondslag van sy ontwikkeling. In gevalle waar die kind nie goed voorberei is op die verwydering nie, of waar daar nie duidelikheid omtrent die duur van die plasing is nie, ervaar die kind gevoelens van verwerping, eensaamheid en wantroue (Kinney, Haapala & Booth 1991:8; Maluccio *et al.* 1986:161). Indien die kind, soos soms gebeur, aan herhaalde plasings onderwerp word, kan die herhaalde blootstelling aan onbekende omstandighede en die verbreking van die kind se vertroue deur die ouer/primêre versorger die kind se vermoë om ander te vertrou, verminder (Kinney *et al.* 1991:9).

Die statutêre verwydering van 'n kind kan daartoe aanleiding gee dat die betrokke kind negatiewe emosies, soos ontoepaslike skuldgevoelens asook 'n gevoel van verlies en magteloosheid kan ervaar in reaksie op sy verwydering (Kaplan & Girard 1994:13). Hierdie negatiewe emosies word vervolgens bespreek.

### 2.3.3 Emosionele reaksie

Maluccio *et al.* (1986:148) voer aan dat die kind dikwels nie kan verstaan waarom hy uit sy ouer se sorg verwyder moet word nie en homself gevolglik vir die verwydering blameer. Die kind voel dus dat hy die oorsaak vir die verwydering is en, volgens die skrywers, versterk sommige ouers hierdie idee. Die kind kan ook ontoepaslike

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skuldgevoelens oor sy verwydering ervaar wanneer hy sy ouers se tekortkominge besef en voel dat hy die plasing kon verhoed het indien hy meer behulpsaam was. Dit blyk dus uit die voorafgaande dat die kind ontoepaslike skuldgevoelens jeens sy verwydering kan ontwikkel. Hierdie ontoepaslike skuldgevoelens kan aanleiding gee tot 'n gevoel van waardeloosheid en kan negatief inwerk op die kind se selfbeeld.

'n Diep gevoel van verlies en skeiding kan na die verwydering by die kind voorkom. Die ervaring van 'n gevoel van verlies na afloop van die kind se verwydering is nie noodwendig ontoepaslik nie. Hierdie gevoelens kan egter vererger word deur 'n gebrek aan begrip vir die redes vir die verwydering (Maluccio *et al.* 1986:160). Indien die gevoel van verlies nie met die kind hanteer word nie, kan dit aanleiding gee tot gekompliseerde rou. Gekompliseerde rou kan waargeneem word in die kind se gedrag soos byvoorbeeld in onbeheerbare woedebuie en depressie (Worden:1983:71).

Kinders word selde geken in die besluit oor die beste versorgingsopset vir hulle. Gevolglik kan die kind 'n sterk behoefte ontwikkel om sy omgewing te beheer ten einde sy gevoel van magteloosheid te oorkom. Die behoefte aan beheer, tesame met die kind se onvermoë om te vertrou, gee daartoe aanleiding dat die kind binding met 'n versorger kan vermy en selfs gedrag kan openbaar wat die skeiding sal forseer (Gardener 1998:698; Kinney *et al.* 1991:9). Volgens Munro (2001:134) kom hierdie behoefte aan mag en selfbeskikkingsreg veral onder adolessente voor.

Uit die voorafgaande kan die gevolgtrekking gemaak word dat die statutêre verwydering van 'n kind en sy daaropvolgende plasing in substituutsorg 'n groot impak op die kind se psigo-sosiale ontwikkeling kan hê. Soos reeds genoem, vorm die kind deel van 'n groter sisteem, naamlik die gesin en gemeenskap. Daar sal vervolgens gelet word op die impak wat 'n kind se statutêre verwydering op die gesin en gemeenskap kan hê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 2.4 Die effek van 'n kind se statutêre verwydering op die gesin

'n Breë definisie van die gesin is dat dit 'n sisteem van interafhanklike lede is wat oor twee fundamentele sisteemeienskappe beskik, naamlik struktuur, of lidmaatskap, en funksie, of interaksie (Janosik & Green 1992:13). Die gesin is 'n sisteem waarvan die komponente (lede) in voortdurende interaksie betrokke is volgens die reëls en norme wat oor 'n tydperk ontwikkel het en wat dit moontlik maak vir die gesin om voort te bestaan.

Volgens die Witskrif vir Welsyn (1996:52) word die welsyn van kinders bepaal deur die gesin se vermoë om effektief te funksioneer. Kinders is kwesbaar en daarom moet hulle in 'n veilige en vertroetelende gesin grootword wat hul oorlewing, ontwikkeling, beskerming en deelname aan gesins- en gemeenskapsaktiwiteite kan verseker. Die gesin word as 'n kragtige werktuig vir politieke, ekonomiese, kulturele en sosiale verandering, asook die versorging en ontwikkeling van kinders gesien (Konsep Nasionale Beleidsraamwerk vir Gesinne 2001:3). Die rol van die gesin is dus sentraal tot die uitbouing van die gemeenskap, asook die opvoeding en ontwikkeling van kinders.

Die voordeel daarvan om die sisteemteorie te benut in werk met gesinne, is dat dit help om te voorkom dat een lid van die gesins beskuldig word vir die probleme waarmee die gesin worstel. Deur die gesin as 'n sisteem te benader, waarbinne die ouers, kinders, uitgebreide familielede en die gemeenskap mekaar wederkerig beïnvloed, bring gedeelde verantwoordelikheid mee. Ondersteuners van die sisteemteorie is dit eens dat verandering in een deel van die gesin, soos byvoorbeeld sou plaasvind ingeval van 'n kind se statutêre verwydering, onvermydelik sal lei tot verandering in ander dele van die gesin (Young & Smith 2000:135; Janosik & Green 1992:15). Die afwesigheid van een gesinslid verander nie die feit dat dit steeds dieselfde gesin is nie. Die gevaar bestaan egter dat die kind uit die gesinseenheid gesluit kan word as gevolg van sy afwesigheid (Kinney *et al.* 1996:37; Heying 1985:526) wat die hereniging van die gesin bedreig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 2.5 Die effek van 'n kind se statutêre verwydering op die ouers

Vanuit die voorafgaande verwysing na die sisteemteorie blyk dit dat die ouers 'n subsisteem binne die gesin vorm. Hierdie subsisteem word op 'n baie direkte wyse geraak deur die statutêre verwydering van 'n kind. Vervolgens word ondersoek ingestel na die omvang van die ouer se emosionele trauma, asook die impak van die kind se verwydering op die ouer se ouerskapsvaardighede.

### 2.5.1 Emosionele trauma

Daar word in sekere gevalle foutiewelik van die veronderstelling uitgegaan dat ouers verlig is wanneer hul kind uit hul sorg verwyder word en dat hulle die kind nie wil hê nie (Kinney *et al.* 1991:8). Ten spyte van die omstandighede waaronder die statutêre verwydering van 'n kind plaasvind, kan dit vir die ouer 'n baie traumatiese ervaring wees. Die ouer kan met 'n gevoel van verlies as gevolg van die kind se verwydering in omstandighede gelaat word wat dikwels deur die gemeenskap gestigmatiseer word (Heying 1985:519). Hierdie ouers moet verder ook gevoelens van mislukking, angs, hulpeloosheid, ontoereikendheid en woede hanteer, terwyl hulle terselfdertyd hanteringsmeganismes moet ontwikkel. Van hierdie situasies wat hanteer moet word, behels onder meer bekendmaking van die kind se verwydering aan familie en vriende. Die ouer kan ook weer gevoelens van verwerping uit hul eie kinderjare beleef (Krüger 1996:38; Maluccio *et al.* 1986:145).

Leashore *et al.* (1991:252) is van mening dat maatskaplike werkers nalaat om die nodige erkenning en ondersteuning te gee aan die ouers en ander familielede se hantering van gevoelens. Indien maatskaplike werkers dus in die kind se beste belange wil optree moet die nodige steun en leiding aan die ouers verleen word. Wanneer ouers betrek word by die aanleer van ouerskapsvaardighede bied dit aan hulle die geleentheid om pro-aktief te werk vir die gesin se hereniging. Sodoende word die beskerming en bevordering van kinders se fisiese en emosionele welsyn verseker.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 2.5.2 Ouerskapsvaardighede

Die ouer wie se kind verwyder is, kan ambivalente gevoelens jeens die versorging van die kind koester, aangesien hulle hul vermoëns as ouers kan bevraagteken (Maluccio *et al.* 1986:147). Barth & Price (1999:89) konstateer dat een rede waarom kinders lank in substituutsorg aanbly, is omdat die ouer en kind nie die geleentheid het om te leer hoe om met mekaar saam te leef en om die normale frustrasie van ouerskap te hanteer nie. Verder kry ouer en kind ook nie die geleentheid om by mekaar se veranderende lewensfases aan te pas nie. Die ouers kry gevolglik nie die geleentheid om hul ouerskapsvaardighede te ontwikkel nie. Berry, Cash & Brook (2000:198) het bevind dat in gevalle waar kinders nie uit hul ouers se sorg verwyder is nie en gesinsinstandhoudingsdienste aan die ouers gelewer is, hul ouerskapsvaardighede aansienlik toegeneem het in vergeleke met ouers wie se kinders verwyder is.

Dit is bevind dat ouers van wie kinders verwyder is, meesal nie aktief by dienslewering betrek word nie (Barth & Price 1999:89; Maluccio *et al.* 1986:141). Soos met die emosionele ondersteuning van die ouer is dit die maatskaplike werker se verantwoordelikheid om leiding aan die ouers te gee ten einde hul ouerskaps-vaardigheid uit te brei en kontak met hul kind te behou.

Volgens die Maatskaplike Werk Woordeboek (1996) vorm die gesin die kleinste eenheid van die samelewing. Die kind se biologiese gesin word as die eerste en mees betekenisvolle groep beskou waarby hy ooit in sy lewe sal aansluit (Janosik & Green 1992:4). Die gesin vorm die individu, maar funksioneer nie in isolasie nie. Die gesin, saam met ander gesinne, vorm die gemeenskappe wat weer die samelewing vorm. Net soos wat die gesin se waardes en norme as verwysingspunt vir die individu dien, dien die samelewing, waarin gesinne woon, se norme en waardes as verwysing vir die gesin. Hierdie waardes en norme oefen 'n invloed uit ongeag of die lid of gesin dit aanvaar of verwerp. Daar is dus wisselwerking binne die gesin, maar ook tussen die gesin en die gemeenskap waarvan die gesin 'n deel vorm. Gevolglik sal dit wat binne die gesin gebeur 'n invloed op die gemeenskap hê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 2.6 Die effek van 'n kind se statutêre verwydering op die gemeenskap

'n Gesonde samelewing word gevorm deur sterk gesinne èn gemeenskappe, nie net gesinne nie (Sviridoff & Ryan 1997:128). Die gemeenskap het dus 'n groot verantwoordelikheid ten opsigte van die samelewing om om te sien na die gesinne wat daartoe behoort. Die rol en betrokkenheid van die gemeenskap in die funksionering van die gesin blyk duidelik uit die beginsel van Ubuntu en die gesegde dat " it takes a village to raise a child" (IMC on Young People at Risk 1996:7). Dit is dus onafwendbaar dat die statutêre verwydering van 'n kind 'n invloed op die gemeenskap sal hê.

Die gesin, soos reeds genoem, is deel van 'n groter sisteem, naamlik die gemeenskap. Om net met die gesin te werk, sonder enige oorweging van die gemeenskap waarin hulle woon, is soos om met net een lid van die gesin te werk en al die ander lede te ignoreer. Dienste tot voordeel van die individu betrek al die gesinslede. Net so bevoordeel dienste wat die sektore van die gemeenskap betrek met wie die gesin in interaksie is, die gesin (Kaplan & Girard 1994:51). Die gesin vorm nie net deel van die gemeenskap nie, maar kan eerder gesien word as bousteen van die gemeenskap. Verbrokkeling van gesinne kan dus lei tot die uiteindelike verbrokkeling van die gemeenskap, aangesien daar volgens Potgieter (1998:55) 'n verbintenis tussen die verskillende sisteme is en dat wat ook al binne een sisteem gebeur, 'n invloed het op die ander.

Substituutsorg is baie duur en dit is nie bekostigbaar om alle kinders wat in onbevredigende omstandighede woon, te verwyder nie (Kaplan & Girard 1994:14; Kinney *et al.* 1991:9). In die Wes-Kaap beloop die maandelikse Staatsubsidie aan inrigtings sowat R1000,00 per kind en aan pleegouers sowat R350,00 per kind. Volgens die Witskrif (1996:54) was daar aan die einde van 1994 29 000 kinders in residensiële sorg en 39 024 kinders in pleegsorg. Die uitbetaling van pleegsorgtoelaes vir 1994 het R 129 801 360 beloop. Die bedrag vir die betaling van subsidies aan inrigtings is nie bekend nie. Die skokkende werklikheid is dat hierdie plasings jaarliks toeneem en dus toenemende finansiële druk meebring.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ontslag van kinders vanuit substituutsorg vind egter nie teen dieselfde tempo plaas as wat hulle in die sisteem opgeneem word nie en gevolglik raak die sisteem "geblokkeer" (Gaffley 1996:351). Die uiteinde is dat kinders vir lang periodes in substituutsorg verkeer, terwyl die probleem wat tot die verwydering aanleiding gegee het, nie voldoende aandag geniet nie. Die gebrek aan dienste aan die kind en die gesin vertraag nie alleen die proses van gesinshereniging nie, maar kan ook daartoe aanleiding gee dat pogings tot hereniging misluk. Sodoende word die bose kringloop herhaal.

Goeie sorgbestuur verseker dat die kliënt die diens kry wat nodig is, wanneer dit nodig is. Die beginsel van sorgbestuur ondersteun die verskuiwing van staatsgesubsidieerde inrigtingsversorging na gemeenskapsgebaseerde sorg weerspieël. Sorgbestuur is gebaseer op die aanname dat kliënte vindingryk is en die potensiaal het om gemeenskapshulpbronne te benut. Daar is dus 'n duidelike verskuiwing van verantwoordelikheid van die samelewing (staat) na die gemeenskap.

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat die statutêre verwydering van 'n kind nie net die kind en sy gesin raak nie, maar ook die gemeenskap en die samelewing as geheel. Die gemeenskap het 'n verantwoordelikheid teenoor die gesinne wat daarbinne woon en daar moet dus weg beweeg word van inrigtingsversorging na gemeenskapsgebaseerde versorging. In aansluiting hierby is dit nodig om ondersoek in te stel na watter beleid deur die regering in antwoord op hierdie probleme in plek gestel word.

## 2.7 Staatsbeleid ten opsigte van die kind en die gesin

Beleid is nodig om die koers aan te dui waarin daar beweeg moet word binne dienslewering en watter aspekte aandag behoort te geniet. Dit word opgestel met in ag neming van nasionale en internasionale tendense en word verder benodig om aan diensverskaffers 'n mandaat te gee vir die wysiging van dienste. Dit is ook die geval met die lewering van welsynsdienste.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die lig van die geweldige negatiewe effek wat die statutêre verwydering van 'n kind meebring, soos hierbo bespreek, is dit nodig om ondersoek is in te stel na beleid ten opsigte van die implementering en/of aanwending van dienste wat hierdie situasie kan regstel, spesifiek ten opsigte van gesinsherenig-ingsdienste. 'n Internetsoektog, asook 'n mededeling deur 'n amptenaar van die Departement van Maatskaplike Dienste (PAWK), het aan die lig gebring dat daar geen beleid ten opsigte van die prioritisering en implementering van gesinsherenigingsdienste bestaan nie. Daar is wel verskeie konsep-beleidsdokumente, komiteeverslae en raamwerke wat dienste aan kinders en hul gesinne uiteensit, gevind wat melding maak van gesinsherenigingsdienste. Hierdie dokumente word vervolgens bespreek.

### 2.7.1 Witskrif vir Welsyn

Die Regering is daartoe verbind om hoogste prioriteit te verleen aan die bevordering van die gesinslewe, asook die oorlewing, beskerming en ontwikkeling van al Suid-Afrika se kinders. Vir hierdie doel word die ontwikkeling van programme wat die omstandighede van en ideale dienslewering aan kinders en hul gesinne aanspreek aangemoedig. Daar moet binne dienslewering wegbeweeg word van rehabilitasie en spesialisdienste en gepoog word om 'n balans tussen rehabilitasie-, beskermings-, voorkomings- en ontwikkelingsintervensie te verkry.

Daar word in die Witskrif vir Welsyn (1996) ook van die veronderstelling uitgegaan dat gesinne die aangewese instelling is waarbinne die lede versorg, vertroetel en gesosialiseer behoort te word. Die gesin geniet dus hoë aansien en prioriteit en daar word aanbeveel dat die behoeftes van die gesin in die konteks van die gesins-lewensiklus-benadering aangespreek moet word. Hierdie benadering verwys na die interaksie tussen gesinslede, die breër gemeenskap en die ondersteuningsnetwerke. Daar word aanbeveel dat programme voorsiening moet maak vir die behoeftes van gesinne in ooreenstemming met die verskillende fases van die lewensiklus waarin die gesin verkeer.

Die fokus van maatskaplikewerk-intervensie moet volgens genoemde dokument gerig wees op omvattende, generiese, gesingesentreerde, gemeenskapsgebaseerde en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontwikkelingsgerigte strategieë. Daar moet dus wegbeweeg word van probleem-gerigte dienslewering. Elke individu behoort ook die geleentheid gegun te word om 'n bydrae te maak tot sy eie welsyn, asook tot die gemeenskap se groei en ontwikkeling.

Die Witskrif vir Welsyn (1996) beskou residensiële sorg as 'n laaste uitweg: naamlik wanneer die kind nie in sy gesin behou kan word, of by familie of in pleegsorg geplaas kan word nie. Hierdie residensiële fasiliteite moet meerdoelig, buigsaam en minder formeel wees. Dienste moet aan kinders en hul gesinne gelewer word om die spoedige terugkeer van die kind te bewerkstellig. Daar word verder aanbeveel dat maatskaplike programme buigsaam en innoverend moet wees om te voorsien in die behoeftes van diegene wat nie 'n gesin het nie.

### 2.7.2 Die Inter-Ministeriële Komitee vir Kwesbare Jeugdiges

Die Inter-Ministeriële Komitee vir Kwesbare Jeugdiges (1996:13-14) se beleids-aanbevelings (1996:13-14) is na afloop van hul ondersoek saamgevat in hul visie, naamlik dat kinders en jeugdiges die land se mees kosbare bate is en dat hulle saam met hul gesinne as belangrik geag word en in staat is om by te dra tot 'n sorgsame en gesonde gemeenskap. Ten einde hierdie visie 'n realiteit te maak moet dienste aan kinders en gesinne fokus op voorkoming en vroeë intervensie ten einde te keer dat kinders onnodig in die welsynsisteem beland. Die jeug, asook hul gesinne en gemeenskappe, moet op grond van die beginsel van *ubuntu* betrokke raak by die maatskaplike probleme wat in die gemeenskap voorkom. Daar moet toepaslike statutêre prosesse binne gepaste tydsraamwerke wees wat impliseer dat daar gelet moet word op die tydperk wat kinders in substituutsorg verkeer. Dit word ondersteun deur die lewering van effektiewe herenigings-, integrerings- en nasorgdienste wat die terugkeer van kinders na hul gesinne en/of gemeenskappe kan bespoedig. Dienste in geheel moet verander van kindgesentreerd na gesins-gesentreerd.

Die IMK se opvolgdokument handel oor terugvoering na afloop van loodsprojekte wat nasionaal onderneem is (1998:3). Hiervolgens word die IMK se doelstelling omskryf as die uittoets van die nuwe paradigma van die geïntegreerde kinder- en jeugsorg-sisteem teen die agtergrond van die beginsels, soos uiteengesit in hul 1996 beleids

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanbevelings dokument. Uit die dokument blyk dit dat transformasie van die kinder- en jeugsorg-sisteem nog baie tyd en aandag sal verg.

### 2.7.3 Die Nasionale Program van Aksie vir Kinders: Raamwerk

Die Nasionale Program van Aksie word beskou as die instrument waardeur die verpligtinge ten opsigte van die land se kinders, wat deur die Regering van Nasionale Eenheid op 16 Junie 1995, na die ondertekening van die Verenigde Nasies se Konvensie vir die Regte van die Kind, onderneem is, tot uitvoering gebring kan word.

Die Nasionale Program van Aksie vir Kinders is nie 'n aparte plan vir die kinders nie, maar 'n samestelling van al die voorskrifte wat deur die regering en nie-regerings-organisasies ontwikkel word vir die bevordering van kinders se welsyn. Hierdie dokument gee 'n uiteensetting van al die dienste wat beoog word om kinders te beskerm en hul welsyn en belange op elke moontlike vlak te bevorder. Een van die prioriteite wat in hierdie dokument aandag geniet, is die lewering van toepaslike dienste aan kinders.

### 2.7.4 Armoede en Ongelykheid in Suid-Afrika

Uit die aard van bogenoemde dokument is dienste daarop gerig om armoede te verlig en die ongelyke toewysing van toelaes te hanteer. Ten einde hierdie doelwitte te bereik, word die gebruik van ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk, soos in die Witskrif vir Welsyn uiteengesit, onder andere aanbeveel. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat ekonomiese groei en die ontwikkeling van menslike potensiaal, met mekaar verband hou.

### 2.7.5 Konsepstrategie vir Kinderbeskerming

Hierdie dokument is ontwikkel as intrinsieke komponent van die Nasionale Program van Aksie vir Kinders in Suid-Afrika (sien voorafgaande) en in ooreenstemming met Suid-Afrika se internasionale verpligtinge ten opsigte van die Verenigde Nasies se Konvensie vir die Regte van die Kind, asook die doelwitte van die "World Summit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Declaration on the Survival, Protection and Development of Children". Die Strategie vir die beskerming van kinders het ten doel om kindermishandeling, - verwaarlosing en -eksploitasie op 'n geïntegreerde manier te hanteer.

Die benadering wat binne hierdie strategie gevolg gaan word, is gegrond op 'n holistiese, intersektorale en multi-dissiplinêre vennootskap op nasionale, provinsiale en plaaslike vlakke. Alle dienste wat binne die strategie gelewer sal word, moet gemik wees op die behoud van kinders, binne hul gesinne en/of gemeenskap. Indien 'n kind in substituutsorg geplaas moet word, moet dienste gerig wees op die bewerkstelliging en ondersteuning van kontak en die opbou van verhoudings tussen die kind en gesin.

Die gemeenskap het volgens die strategie 'n verantwoordelikheid vir die welsyn van die kinders wat daarin woon en lede moet attent wees op omstandighede waarin kinders benadeel kan word. Die vrywillige deelname van gemeenskapslede aan programme ter voorkoming en hantering van kinderverwaarlosing en -mishandeling moet aangemoedig en gefasiliteer word deur plaaslike welsynsorganisasies of -forums.

### 2.7.6 Konsep Nasionale Beleidsraamwerk vir Gesinne

Die heropbou van gesinne en gemeenskappe geniet hoë prioriteit in die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se strategiese vyfjaarplan. Die Konsep Nasionale Beleidsraamwerk vir Gesinne (2001) gaan van die veronderstelling uit dat die gesin die hoof rolspeler moet wees in die beskerming van sy lede se menseregte en dat die gesin formele - en informele ondersteuningsnetwerke benodig om hierdie taak suksesvol aan te pak. Hierdie dokument beskou gesinsinstandhouding as 'n strategie wat gegrond is op die oortuiging dat kinders en jong mense ten beste ontwikkel binne 'n gesin. Die belang van die gesin in die ontwikkeling van kinders en jong mense ondersteun die oortuiging dat permanensiebeplanning nodig is vir 'n kind se gesonde ontwikkeling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 2.7.7 'n Nuwe Afrika Inisiatief

'n Nuwe Afrika Inisiatief (2001) is gesentreer om die beginsels van eienaarskap en selfbestuur deur gemeenskappe. Die dokument het tot stand gekom as 'n poging deur Afrika-leiers om die vernuwing van die kontinent te bewerkstellig. Ten einde hierdie doelstelling te bereik, is een van die doelwitte die bevordering van die rol van vroue in maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling deur kapasiteitsuitbouing. Sodoende kan 'n hele kontinent en al die inwoners daarvan baat by die ontwikkelingsgerigte werk met individuele vroue. Erkenning word dus deur hierdie dokument verleen aan die impak wat 'n individu kan hê op die gesin, gemeenskap en die samelewing en is dus sterk gegrond op die ekologiese perspektief en sisteemteorie.

## 2.8 Gemeenskaplike prioriteite van die beleidsdokumente

Daar bestaan verskeie ooreenkomste tussen die bogenoemde dokumente se beginsels, doelstellings en doelwitte. Die sentrale tema van die dokumente word vervolgens in Figuur 2.3 gedemonstreer.

| | Ekologiese perspektief | Ontwikkelingsgerig | Gemeenskaps-gebaseerd | Ondersteun gesinsinstandhouding | Ondersteun gesinshereniging | Gesinsgesentreerd |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Witskrif vir Welsyn** | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| **IMK vir kwesbare jeugdiges** | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| **Nasionale Program van Aksie vir Kinders** | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| **Armoede en Ongelykheid in Suid-Afrika** | ✓ | ✓ | ✓ | | | |
| **Konsepstrategie vir Kinderbeskerming** | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| **Konsep Nasionale Beleidsraamwerk vir Gesinne** | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ |
| **'n Nuwe Afrika Inisiatief** | ✓ | ✓ | ✓ | | | |

**Figuur 2.3 Die ooreenkomste tussen bestaande beleidsdokumente oor kinders en gesinne**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit blyk uit die voorafgaande dat daar in geheel 'n verskuiwing is ten opsigte van die fokus van dienste. Dienste word gefokus op die gemeenskap en die gesin eerder as die individu, die uitbouing van potensiaal eerder as die herstel van foute. Maatskaplike werkers het gevolglik sanksie en die verpligting van die breë gemeenskap om gesinsherenigingsdienste te lewer ten einde die spoedige terugkeer van kinders vanuit substituutsorg na hul ouerhuise te bewerkstellig.

## 2.9 Samevatting

Die implikasies van die statutêre verwydering van 'n kind blyk 'n negatiewe impak op die individu, gesin, gemeenskap en samelewing te hê. Hierdie negatiewe impak kan verklaar word aan die hand van die ekologiese perspektief. Dit blyk egter dat die impak van verwydering op die samelewingsvlak nog nie sterk aangevoel word nie, aangesien daar nie enige definitiewe beleid en/of statutêre prosesse in plek is om die instandhouding en hereniging van gesinne te reguleer nie. Die konsepskrifte en strategieë wat wel beskikbaar is, toon egter toenemend dat die ekologiese perspektief nie net die probleem, ten opsigte van die negatiewe impak van kinders se statutêre verwydering, verklaar nie, maar dat die antwoord ook binne hierdie perspektief opgesluit lê. Die grondbeginsels van al die relevante dokumente ondersteun die opbou en bemagtiging van gesinne en die beskerming van kinders.

Vanweë die negatiewe effek van die statutêre verwydering van 'n kind, asook die klem op die behoud, opbou en bemagtiging van die gesin deur beleidsdokumente, blyk gesinsherenigingsdienste 'n aangewese intervensie-metode te wees om die probleem aan te spreek. Om hierdie rede word daar in die volgende hoofstuk na gesinsherenigingsdienste ondersoek ingestel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 3: GESINSHERENIGINGSDIENSTE

## 3.1 Inleiding

Die plasing van kinders in substituutsorg is dikwels, ondanks die negatiewe impak daarvan, die enigste manier waarop 'n kind beveilig kan word (Kinney *et al.* 1991:9). Lewis, Walton & Fraser (1995:259) is van mening dat die meeste ouers en kinders wat deur statutêre verwydering geaffekteer is, streef na en werk vir die gesin se hereniging. Courtney (1994:91) meld dat hierdie strewe na gesinshereniging, die sterkste is direk na die kind se substituutsorgplasing. Volgens Walton (1998:211) en Gaffley (1996:353) word daar egter nie genoegsaam aandag gegee aan die ontwikkeling van sistematiese prosesse om hierdie strewe na hereniging te benut ten einde die spoedige hereniging van gesinne te weeg te bring nie. 'n Gebrek aan doelgerigte gesinsherenigingsdienste word ook gesien as 'n rede waarom hereniging in sommige gevalle misluk (Lewis *et al.* 1995:260).

In hierdie hoofstuk sal ondersoek ingestel word na die teoretiese onderbou, ontstaan en eienskappe uniek aan gesinsherenigingsdienste, maatskaplikewerk-intervensie en die strategieë vir die lewering van gesinsher-enigingsdienste en laastens die vereistes wat aan maatskaplike werkers gestel word in die benutting van gesinsherenigings-dienste.

## 3.2 Omskrywings van gesinsinstandhoudingsdienste en gesinsherenigingsdienste

Volgens Compton & Galaway (1998:321) het gesinsherenigingsdienste en gesinsin-standhoudingsdienste vanuit dieselfde grondbeginsels ontstaan, naamlik die beginsel van gesinsgesentreerde, intensiewe dienste wat oor 'n relatiewe kort tydperk aan die gesin binne hul eie huis gelewer word. Lewis *et al.* (1995:278) het na afloop van hul navorsing ten opsigte van gesinshereniging tot die gevolgtrekking gekom dat die hoof-elemente van gesinsinstandhouding met groot sukses binne gesinsherenigingsdienste aangewend kan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens die Konsep Nasionale Beleidsraamwerk vir Gesinne (2001:17) vorm gesinsherenigingsdienste deel van die doelwitte van gesinsinstandhoudings-dienste. Die genoemde dokument definieer gesinsinstandhoudingsdienste en gesinsherenigingsdienste soos volg:

"**Gesinsinstandhoudingsdienste** is dienste wat gesinsgesentreerd en krisis-georiënteerd is en wat op die gesin se sterkpunte fokus. Die primêre doel van gesinsinstandhoudingsdienste is om die gesinseenheid te behou, terwyl daar verseker word dat die kinders veilig is en die gesin gehelp word om die nodige vaardighede aan te leer wat nodig is om gunstige funksionering te verseker."

"**Gesinsherenigingsdienste** verwys na dienste wat daarop gemik is om kinders in substituutsorg stelselmatig met hul gesinne en gemeenskappe te herenig. Gesinshereniging streef daarna om die kind en gesin in staat te stel om hereniging van die gesin te bereik en te behou".

Gesinsherenigingsdienste het voorheen binne die maatskaplikewerk-professie bekend gestaan as rekonstruksiedienste. Rekonstruksiedienste is omskryf as "kinder- en gesinsorg gerig op die terugkeer van 'n gesinslid wat in residensiële sorg is of 'n kind wat in pleegsorg is" (Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk 1995:56). Met die ontwikkeling van teorie ten opsigte van rekonstruksiedienste het 'n uitbreiding van die konsep plaasgevind. Die positiewe element, naamlik die fokus op permanensie-beplanning en gesinsinstandhouding, word in die dienslewering asook deur die nuwe term, gesinsherenigingsdienste, beklemtoon (Maluccio, Fein & Davids 1994:491).

Die hoofooreenkoms tussen gesinsinstandhoudingsdienste en gesinsherenigings-dienste blyk dus gesetel te wees in beide se gesinsgesentreerde benadering tot dienslewering. Die hoofverskil is dat in die geval van gesinsinstandhoudingsdienste daar gepoog word om die verwydering van 'n kind te voorkom, terwyl die kind in geval van gesinsherenigingsdienste reeds verwyder is en daar gewerk word vir sy terugkeer tot die gesin. Hierdie verskil blyk 'n invloed te hê op die gesin se motivering. Dit wil voorkom asof gesinne wat die verwydering van hul kinders vrees, meer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemotiveerd is om hul samewerking te bied aan maatskaplike werkers en ander diensverskaffers (Compton & Galaway 1998:321).

Die effektiwiteit van gesinsherenigingsdienste word soms bevraagteken, maar daar bestaan genoegsame bewyse van die effektiwiteit van hierdie diens, soos bevind deur Lewis *et al.* (1995:261) se navorsingsresultate na afloop van die "Family Reunification Project". Dit is bevind dat, na afloop van die 90 dae behandelingstydperk, 92.9% van die kinders in die eksperimentele groep met hul gesinne herenig is teenoor 28.3% van die kontrolegroep wat nie by die lewering van gesinsherenigingsdienste ingesluit is nie. Na twaalf maande is bevind dat 77.2% van die eksperimentele groep se kinders met hul gesinne herenig was teenoor 49.1% van die kontrolegroep.

Vervolgens sal ondersoek ingestel word na die teoretiese onderbou van gesinsherenigingsdienste ten einde elemente uit te lig wat relevant is ten opsigte van die lewering van hierdie diens vanuit die kinderhuis.

### 3.3 Die teoretiese onderbou van gesinsherenigingsdienste

Gesinshereniging, as deel van gesinsinstandhouding, maak gebruik van verskeie teoretiese perspektiewe en benaderings, onder meer sosiale-leerteorie, gesinsisteemteorie en krisisingryping (Dore & Harnett 1995:67; Wells 1995:6). Dit geskied teen die agtergrond van die ekologiese perspektief, sisteemteorie en menslike ontwikkelingsteorie, soos in die vorige hoofstuk bespreek. Gesinsherenigingsdienste se fokus op die gesin, eerder as die individu, en op hul sterkpunte, eerder as die patalogie, sluit aan by die beginsels van die ontwikkelingsbenadering en sterkteperspektief. Vanweë die basis wat die ontwikkelingsbenadering, sterkteperspektief, sosiale leerteorie en krisisingryping vir die lewering van gesinsherenigingsdienste bied, word dit vervolgens kortliks bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 3.3.1 Ontwikkelingsbenadering

Die ontwikkelingsbenadering is deur Emmanuel Tropp ontwikkel vir groepwerk-intervensie (Ansstey 1983: 18). Die benadering is humanisties, ontwikkelend en fenomenologies van aard met respek as grondliggende waarde. Die ontwikkelingsbenadering in maatskaplike werk sluit aan by die ekologiese perspektief en dit hou ook verband met ander aspekte soos lewenstadia en –take, asook die psigososiale ontwikkeling van die mens.

Volgens Midgley (1995:13) kan maatskaplike ontwikkeling gesien word as die bevordering van mense se maatskaplike welsyn. Die ontwikkelingsbenadering is geskoei op die filosofie dat menslike behoeftes vanuit 'n voorkomende en groeipotensiaal perspektief beskou moet word (Potgieter 1998:117). Hierdie benadering streef na die voorkoming van maatskaplike probleme, verseker gelykheid in die verspreiding van hulpbronne en steun op die aktiewe deelname van gemeenskappe op alle vlakke van dienslewering en aanvaar multi-sektorale spanwerk as 'n integrale bestanddeel. Die ontwikkelings-benadering pas dus goed in by die Beleidsraamwerk vir Gesinne (2001:8) wat konstateer dat intervensie moet fokus op voorkoming deur die funksionering van gesinne te bevorder en deur gesinslede aktief te betrek by aktiwiteite wat daarop gemik is om hul welsyn te bevorder.

Pecora, Whittaker & Maluccio (1992:42) het die volgende filosofiese uitgangspunte van die ontwikkelingsbenadering benut as riglyne vir die lewering van dienste aan gesinne, naamlik:

- Die ontwikkelingstadium van die kind en gesin moet in ag geneem word wanneer oorweging gegee word aan die mees effektiewe intervensie, aangesien dit 'n invloed het op hul vermoë om hulpverlening te benut.
- Die uniekheid van die mens en sy omgewing moet die fokus wees, eerder as die normatiewe diagnosering van die individu en gesin.
- Erkenning moet gegee word aan die mens se potensiaal om probleme te bowe te kom en te ontwikkel.
- Beleid en dienslewering moet tred hou met die ontwikkeling van kennis omtrent histories benadeelde groepe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar word dus binne die ontwikkelingsbenadering weg beweeg van die probleme en tekortkominge van individue, gesinne en gemeenskappe na 'n fokus op hul potensiaal en vermoë om te verander. Die beginsels van die sterkteperspektief sluit dus baie nou hierby aan.

### 3.2.2 Sterkteperspektief

Die taak van die maatskaplike werker vereis dikwels dat met mense in moeilike omstandighede, wie se funksionering deur hierdie omstandighede ontwrig is, gewerk moet word. Volgens Saleeby (1992:3) volg maatskaplike werk, soos so baie ander helpende professies, teorie en praktyk wat van die veronderstelling uitgaan dat mense juis kliënte word omdat hulle laste, probleme, patelogieë en siektes het en dat hulle vol foute en swakhede is. Ten spyte van die verligte eeu waarin ons leef, word ons denkpatrone oor kliënte steeds deur negatiewe gedagtes gedomineer. Met die verloop van tyd word hierdie negatiewe beeld wat maatskaplike werkers van hul kliënte het aan die kliënte oorgedra en beïnvloed dit die manier waarop hierdie mense hulleself beskou. Volgens Potgieter 1998:9, Compton & Galaway 1999:16, en Saleeby 1992:6-8 is die sterkteperspektief gefundeer op die volgende voorvereistes en aannames.

- *Respek vir die kliënt se sterkpunte*

  Die maatskaplike werker moet bewus wees van en respek hê vir die kliënt se positiewe eienskappe en vaardighede, talente, hulpbronne en toekomsvisie. Die kliënt moet gesien word as iemand wat oor inligting beskik, idees en energie het en wel iets goed kan doen.
- *Kliënte het talle sterkpunte*

  Individue en groepe (dus ook gesinne) het dikwels baie ongebruikte en ongewaardeerde reserwe fisiese, emosionele en kognitiewe sterkpunte en vaardighede. Hierdie sterkpunte en vaardighede kan met groot sukses aangewend word in die skepping van hoop, verandering en transformasie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- *Kliënte se motivering is gebaseer op die koestering van die kliënt se sterkpunte*

Individue en groepe sal meer geneig wees om voort te gaan met outonome ontwikkeling en groei as hulle aangedryf word deur hul eie kapasiteite, kennis en vaardighede.

- *Die maatskaplike werker werk saam met die kliënt*

Die rol van "kenner" en "kundige" sal nie noodwendig die beste vertrekpunt wees om die kliënt se sterkpunte te waardeer nie. Die maatskaplike werker moet eerder gesien word as 'n fasiliteerder of konsultant. Die kliënt bly steeds die kenner van sy eie situasie.

- *Vermyding van die slagoffermentaliteit*

Kliënte word dikwels deur hulself en ander as die oorsaak van hul probleme beskou. Dit kan aanleiding gee tot gevoelens van magteloosheid en frustrasie. Deur te fokus op die kliënt se sterkpunte kan daar op 'n pro-aktiewe manier gewerk word om die probleem te oorkom.

- *Alle omgewings beskik oor hulpbronne*

Selfs die mees geharde omgewing kan oor hulpbronne en moontlikhede beskik. In elke omgewing is daar individue en instellings wat bereid en in staat is om iets te gee, iets wat iemand anders moontlik dringend nodig het.

Die fokus van die sterkteperspektief is dus op die geleenthede en hulpbronne wat bestaan en waarop voortgebou kan word, eerder as op die probleme en beperkinge. Maatskaplike werkers en kliënte het egter gekondisioneerd geraak om op 'n negatiewe wyse aan kliënte en hul omstandighede te dink (Whitley *et al.* 1999:110; Potgieter 1998:9). Compton & Galaway (1999:19) stel voor dat daar op die volgende sterkpunte gelet kan word:

- Die kennis wat mense opdoen wanneer hulle met 'n probleem worstel, byvoorbeeld 'n sin vir humor, insig in ander se motiewe en gedrag en kreatiwiteit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Individue en gesinne se kennis en ervaring, byvoorbeeld werkservaring
- Persoonlike kwaliteite en deugde, soos byvoorbeeld onafhanklikheid
- Selfdissipline en lojaliteit
- Talente wat mense kan hê, soos byvoorbeeld kook, stories vertel, handwerk en tuinmaak
- Kulturele en gesinsrituele, oortuiginge, stories en kennis, soos byvoorbeeld gedenkdae, uitstappies en feeste
- Oorlewingstrots
- Hoop en drome
- Gemeenskapsondersteuning en -betrokkenheid
- Spiritualiteit/geloof

Hierdie eienskappe word deur die sterkteperspektief uitgebou deur middel van bemagtiging. Sturgeon (2000:82) beskou die konsep van bemagtiging as 'n grondbeginsel van die ontwikkelingsproses. Bemagtiging impliseer dat mense gehelp word om hulleself te help en dat hulle bygestaan word om die nodige aksie te neem ten einde hul lewensomstandighede self te verander. Daar word dus doelbewus weg-beweeg van die beskouing dat mense slagoffers van hul omstandighede is wat liefdadigheid benodig. Die klem val op die individu se bemagtiging deur die ontdekking van hul keuses en innerlike potensiaal. Guitièrrez, Parsons & Cox (1998:4) konstateer dat maatskaplike werkers deur bemagtiging daarna streef om die vermoë om mag te bekom binne die individu, gesin, groep en gemeenskap te ontwikkel.

Ten einde die sterkteperspektief in dienslewering tot uitvoering te bring, is dit nodig dat daar 'n generies geïntegreerde praktykfokus en multi-dissiplinêre spanwerk tot voordeel van die kliënt benut sal word (Potgieter 1998:9, 120). Ten opsigte van die bemagtiging van kinders is Munro (2001:133) van mening dat dit nie net 'n etiese vereiste is nie, maar 'n ontwikkelingstaak. Die uitgangspunt van die sterkteperspektief is dat individue op die langtermyn beter sal vaar indien hulle gehelp word om hulle sterkpunte en hulpbronne binne hulself en hul gemeenskap te identifiseer, erken en gebruik (Graybeal 2001:234). Die ontdekking van innerlike potensiaal en die ontwikkeling daarvan vind ook neerslag in die sosiale leerteorie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 3.3.3 Sosiale leerteorie

Die sosiale leerteorie impliseer dat die leerproses beïnvloed word deur die waarneming van en identifisering met ander, dus modellering (Ensiklopedie vir Maatskaplikewerk 1995:1421). Wells (1995:7) konstateer dat gedrag, aan die hand van die sosiale leerteorie, as 'n funksie van die wederkerige interaksie tussen individuele en omgewingsfaktore verklaar kan word. 'n Individu se gedrag sal dus gedeeltelik bepaal watter omgewingspotensiaal geaktiveer sal word en omgekeerd. Verskeie strategieë vir dienslewering is vanuit die sosiale leerteorie ontwikkel, soos byvoorbeeld die opstel van kontrakte en die benutting van kognitiewe herstrukturering en opleiding in selfbestuur-vaardighede.

Dit blyk uit bogenoemde omskrywing van die sosiale leerteorie dat die individu en die omgewing mekaar wederkerig beïnvloed en dat die individu se leerproses beïnvloed word deur dit wat hy waarneem. Die belang van modellering en die invloed van die gemeenskap is dus faktore wat binne gesinsherenigingsdienste aandag moet geniet.

### 3.3.4 Krisisingryping


Krisisteorie veronderstel dat diegene wat nie 'n krisis beleef nie, in staat is om hul daaglikse stres met die bronne tot hul beskikking te hanteer (Wells 1995:8). Die omgekeerde is dus ook waar – diegene wat 'n krisis ervaar se innerlike hulpbronne om stres te hanteer is nie voldoende nie. Volgens Ell in die Ensiklopedie vir Maatskaplike Werk (1995:660) ervaar die persoon in 'n krisis 'n emosionele wanbalans. Tydens hierdie periode van emosionele wanbalans streef die individu daarna om die ekwilibrium te herstel, en is hy ontvanklik vir intervensie.

Ten einde die individu te help om die krisis te bowe te kom, en dus sy emosionele ekwilibrium te herwin, is krisisingryping as intervensiemetode ontwikkel. 'n Toepaslike voorbeeld van 'n geval waar die gesin se innerlike hulpbronne nie genoegsaam is nie, is die gebeure wat voor die statutêre verwydering van 'n kind afspeel. Volgens Golan (1978:9) word krisisingryping gebruik in direkte werk met kliënte wat aansoek doen om hulp vir algemene situasie en ontwikkelingsprobleme. Parad & Caplan (1976:57)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voer aan dat wanneer 'n gesin 'n spanningsvolle tyd deurmaak, hulle oor 'n verskeidenheid probleemoplossingsmoontlikhede beskik waaruit hulle kan kies om die probleem te hanteer. Indien die gesin egter nie in staat is om die probleem suksesvol op te los nie, ontstaan 'n krisis wat addisionele vaardighede vereis. 'n Krisis veroorsaak 'n weerloosheid wat aanleding gee tot 'n ontvanklikheid vir invloede.

Toegepas op die statutêre verwydering van 'n kind kan dus verwag word dat die traumatiese aard van die gebeure die gesin ontvanklik sal laat vir maatskaplikewerk-insette. Krisisingryping verleen dus erkenning aan die feit dat die individu en gesin oor die potensiaal beskik om hul probleme te kan hanteer en oplos, maar dat hulle soms hulp nodig het. Dit wil voorkom asof mense in 'n krisisoomblik meer bereidwillig is om hulp te soek en/of aanvaar. Aan die hand van Parad (1976:46) se model kan die situasie dus grafies soos volg uitgebeeld word:




**Figuur 3.1 Krisisingryping na die statutêre verwydering van 'n kind**

Vanuit die dringende aard van krisisingryping is die diens intensief van aard en word dit gekenmerk deur gereelde konsultasies en bystandsdiens vir noodgevalle. Weens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die intensiewe aard van die diens is daar dus 'n beperking ten opsigte van die aantal gevalle wat op 'n keer hanteer kan word.

Vanuit die voorafgaande bespreking van die ontwikkelingsbenadering, sterkte-perspektief, sosiale leerteorie en krisisingryping kan daar dus 'n geheelbeeld gevorm word van die teoretiese onderbou van gesinsherenigingsdienste. Alvorens daar ondersoek ingestel kan word na die eienskappe en strategieë van die diens, is dit nodig om die grondslag van gesinsherenigingsdienste te ondersoek.

## 3.4 Die grondslag van gesinsinstandhoudingsdienste

Aangesien gesinshereniging en gesinsinstandhouding dieselfde oorsprong het, word die oorsprong van laasgenoemde as vertrekpunt gebruik. Volgens Wells (1995:4) is die Charity Organization Movement, wat in 1869 in London ontstaan het, die vroegste en mees direkte voorganger van gesinsinstandhoudingsdienste. Hierdie organisasie het gebruik gemaak van vrywilligers wat tuisbesoeke gedoen het om, volgens Bremner (aangehaal in Wells 1995:4), die armes te besoek, asook beraad en leiding te gee. Hierdie vrywilligers moes die rede vir die aansoekers se behoeftes bepaal en hulle help om dit te oorkom. Sodoende is filantropiese hulpbronne gekoördineer vir aanwending in verdienstelike gevalle.

Kaplan & Girard (1994:1-4) beskou die ontstaan van die "settlement house"-beweging in Amerika in 1880, die "Family Centred Project of St. Paul" wat gesinne van 1947 to 1957 bedien het, asook die "Head Start"-program wat in 1965 geloods is, as voorgangers van gesinsinstandhoudingsdienste. 'n Samestelling van die doelwitte en beginsels van die genoemde programme dui op die grondslag waaruit gesinsherenigings-dienste ontwikkel het, naamlik:

- Om saam met gesinne programme te ontwikkel wat hul behoeftes sal aanspreek
- Om samewerking tussen die gesin en die gemeenskap te stimuleer ten einde die nodige formele en informele netwerke te skep wat ondersteuning aan die gesin kan bied

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Om gesinne met waardigheid, begrip en respek te behandel
- Om gesinne te bemagtig om vir hulself voorspraak te doen
- Om 'n sin van gemeensaamheid by gesinne te ontwikkel
- Om tuisgebasseerde dienste te lewer wat op die hele gesin fokus
- Om op gesinne se sterkpunte te fokus en hulle te help om dit te ontdek
- Om erkenning te gee vir die feit dat ouers hul kinders die beste ken
- Om 'n vertrouensverhouding met gesinne op te bou.

Dit blyk vanuit die literatuur dat die beginsels van gesinsherenigingsdienste nie iets nuut is nie, maar reeds vir etlike dekades bestaan. In gesinsherenigingsdienste is hierdie eienskappe egter aangepas om 'n unieke diens aan gesinne te bied.

## 3.5 Eienskappe van gesinsherenigingsdienste

Daar is bepaalde eienskappe wat gesinsherenigingsdienste karakteriseer, naamlik die beginsel van permanensiebeplanning, die benutting van selekteringskriteria om te bepaal wie by die diens sal baat en die eiesoortige aard van die diens. Hierdie eienskappe is vanuit die literatuur verkry en die ondersoeker is bewus daarvan dat hierdie eienskappe nie prakties uitvoerbaar is binne die Suid-Afrikaanse welsynskonteks nie. Die hoop is dat dit as 'n riglyn sal dien waarvolgens maatskaplike werkers hul dienslewering sal formuleer.

### 3.5.1 Permanensiebeplanning

Dit blyk dat die beginsel van permanensiebeplanning die afgelope twee dekades die literatuur ten opsigte van gesinsorg domineer (Schuerman *et al.* 1994:5; Fein & Staff 1991:335). Permanensiebeplanning het ontstaan vanuit die oortuiging dat, behalwe in uitsonderlike gevalle, kinders altyd beter af is in hul ouerhuis en dat substituutsorgplasings hulle benadeel. Permanensiebeplanning verwys na die beplanning en aksies wat uitgevoer word om die spoedige terugkeer van 'n kind in substituutsorg na sy gesin of die uitgebreide gesin en indien dit nie moontlik is nie aanneming of permanente pleegsorgplasing, te bewerkstellig (Courtney 1994:81; Maluccio *et al.* 1986:3; Villone in Mallucio *et al.* 1986:4).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens Maluccio *et al.* (1986:50) moet elke kind en gesin se omstandighede afsonderlik geëvalueer word om te bepaal watter vorm van permanensiebeplanning die kind se behoeftes die beste sal bevredig. Permanensiebeplanning is nodig omdat kinders 'n behoefte aan sekuriteit het. Sekuriteit kan aan kinders verleen word indien die hulle weet waar hulle gaan bly, wie hulle gaan versorg en wat met hulle gebeur. Dit is eers wanneer kinders hierdie versekering het dat hulle in staat is om hul innerlike potensiaal te ontwikkel. Ten einde hierdie versekering aan die kind te kan gee binne 'n substituutsorgplasing is dit nodig dat die kind en sy gesin in samewerking met die betrokke maatskaplike werker/s 'n plan opstel wat beplaal hoe, waar en wanneer hereniging sal plaasvind. Hierdie inligting word weergegee in die doelstellings en doelwitte wat ten opsigte van die kind en sy gesin gestel word.

Doelwitbeplanning is volgens Compton & Galaway (1998:321) asook Fein & Staff (1991:335) 'n belangrike kenmerk van gesinsherenigingsdienste. Hierdie skrywers stel voor dat die maatskaplike werker en die gesin gesamentlik toepaslike doelwitte identifiseer, voortbou op bestaande sterkpunte en bronne en praktiese aksieplanne ontwikkel wat die ouers en kinders sal help vorder in die bereiking van hul doelwitte. Ten einde samewerking in die bereiking van die doelstellings en doelwitte te verseker, is dit nodig dat die mees geskikte kandidate vir die lewering van gesinsherenigingsdienste geselekteer sal word, aangesien alle gesinne nie noodwendig geskik is vir hierdie tipe diens nie.

### 3.5.2 Selekteringskriteria

Volgens Krüger (1996:158) sou alle gesinne wat ernstige probleme ervaar, vanuit 'n etiese oogpunt, geregtig wees op gesinsinstandhoudingsdienste. Dit is egter nie prakties moontlik nie, omdat alle gesinne nie daarvoor geskik is nie (Maluccio 1986:50). Dit is dus nodig dat die maatskaplike werker gebruik sal maak van sommige van die onderstaande kriteria ten einde te bepaal wie die beste deur die diens bedien sal word (Kinney *et al.* 1991:17; Inanda Loodsprojek).

- Kinders wat vir drie maande of minder in substituutsorg verkeer. (Wanneer kinders langer in substituutsorg verkeer kompliseer dit die lewering van gesinsherenigingsdienste.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Kinders in substituutsorg wat nie intensiewe terapeutiese dienste moet ontvang nie.
- Die gesin moet binne die organisasie se bedieningsarea woon.
- Beide die gesin en die kind het die wens uitgespreek om herenig te word.
- Ten minste een gesinslid moet aanvanklik gewillig en in staat wees om saam te werk.
- Waar die kind veilig binne die gesin en gemeenskap sal wees en verdere risiko vir plasing deur middel van gesinsherenigingsdienste verminder sal word.
- Waar die lewering van gesinsherenigingsdienste die span aan minimale risiko blootstel.

Daar moet ingedagte gehou word dat die bogenoemde kriteria ideale omstandighede verteenwoordig en dat maatskaplike werkers dit van toepassing moet maak op hul spesifieke omstandighede. Die spesifieke aard van gesinsherenigingsdienste is 'n verdere bepalende faktor ten opsigte van geskiktheid

### 3.5.3 Die aard van dienslewering ten opsigte van gesinsherenigingsdienste

Die aard van gesinsherenigingsdienste is uniek, wat dit onderskei van tradisionele intervensiemetodes. Hierdie unieke aard word omvat in die dienslewering wat onder meer tuisgebaseerde dienslewering, spanwerk, klein gevalleladings, intensiewe korttermyndienslewering, buigsaamheid ten opsigte van dienslewering en 24 uur beskikbaarheid van die diens insluit (Walton 1998:205; Wells 1995:74; Kinney *et al.* 1991:23-38).

Die ondersoeker wil weer eens beklemtoon dat hierdie eienskappe vanuit gesinsinstandhoudingsdienste-literatuur verkry is en aangepas is vir die lewering van gesinsherenigingsdienste. Dit word dus aanvaar dat dit nie in alle gevalle prakties binne die Suid-Afrikaanse welsynskonteks vanuit die kinderhuis aangewend kan word nie, maar eerder gesien moet word as die ideaal. Elk van hierdie eienskappe word vervolgens kortliks bespreek (Walton 1998:205; Wells 1995:74; Kinney *et al.* 1991:23-38):

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

***Tuisgebaseerde dienslewering***

In teenstelling met tradisionele intervensiemetodes, waar die kliënt die maatskaplike werker op kantoor spreek, word gesinsherenigingsdienste as 'n reël binne die gesin se huis gelewer, sogenaamde "homebased services". Deur dienste binne die kliënt se huis te lewer, word voortgesette betrokkenheid verseker. Dit stel die maatskaplike werker ook in staat tot omvattende assessering, byvoorbeeld ten opsigte van die gesin se lewenstyl en roetine. Die waarnemings binne die huishouding gee ook aan die maatskaplike werker meer kredietwaardigheid, aangesien sy eerstehandse ondervinding het van wat in die kliënt se lewe gebeur. Die kliënt sal ook die maatskaplike werker se raad meer geredelik aanvaar, omdat hy weet dat die maatskaplike werker eerstehandse kennis dra van die omstandighede.

Die gesin baat by die tuisgebaseerde dienslewering, aangesien dit gerieflik en funksioneel is. Dit help die gesin ook om die verleentheid te oorkom wat mense dikwels ervaar wanneer hulle om hulp moet aanklop. Dit bied aan gesinslede die geleentheid om die nuwe vaardighede wat hulle aanleer binne die omgewing waar hulle dit sal gebruik, in te oefen. Lede wat andersins nie sou deelneem aan intervensie nie, word ook daaraan blootgestel. Daar is egter gesinne wat verkies om dienste by die maatskaplike werker se kantoor te ontvang, maar hulle is in die minderheid. Die maatskaplike werker moet dienste lewer na gelang van die kliënt se voorkeur.

***Spanwerk***

Gesinsherenigingsdienste word as 'n reël in spanverband aangebied. Die span word saamgestel uit professionele, paraprofessionele en vrywillige gemeenskapslede. Spanwerk binne die lewering van gesinsherenigingsdienste hou spesifieke voordele in veral ten opsigte van veiligheid en 24-uur beskikbaarheid van die diens. Gemeenskapslede word benut waar dit moontlik is, aangesien hulle die gesin kan ondersteun na terminering van die diens en sodoende 'n ondersteuningsnetwerk vir die gesin word. Dit is egter baie belangrik dat vrywilligers opleiding sal ontvang en ingelig word omtrent konfidensialiteit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die nadeel is egter dat dit meer mannekrag vereis en dus duurder is om aan te bied. Gesinslede is ook geneig om een persoon makliker te vertrou. Die spanbenadering kan dus die opbou van 'n vertrouensverhouding met die gesin vertraag en/of ophou.

***Beskikbaarheid van dienste***

Die maatskaplike werker is, ideaal gesproke, 24-uur per dag, sewe dae per week tot die gesin se beskikking vir die hantering van krisisse en noodsituasies.

***Intensiteit en tydperk van dienslewering***

Gesinsherenigingsdienste is, in vergelyking met tradisionele maatskaplikewerk-benaderings, baie meer intensief en korttermyn van aard. Programme wissel van vier weke tot ses maande. Gedurende hierdie periode sal die maatskaplike werker die gesin op 'n daaglikse basis sien, veral aan die begin van dienslewering. Sessies wissel ook in lengte en kan na gelang van die situasie, etlike ure in beslag neem.

Die kort tydperk van dienslewering is vir beide die gesin en maatskaplike werker tot voordeel, aangesien dit makliker is om oor 'n kort periode ten volle toegewyd aan 'n saak te werk. Die kort periode verminder ook die kanse dat die gesin van die werker afhanklik sal raak. Die kort tydperk van dienslewering word verder moontlik gemaak deur van formele en informele ondersteuningsnetwerke binne die gesin se gemeenskap, wat na die terminering van gesinsherenigingsdienste steeds aan die gesin beskikbaar is, gebruik te maak.

***Gevalleladings***

As gevolg van die intensiewe aard van gesinsherenigingsdienste is dit nie moontlik om groot gevalleladings te hanteer nie. Maatskaplike werkers moet in staat wees om onmiddellik te reageer indien 'n gesin 'n krisis ervaar. Dit stel ook die nodige tyd tot die maatskaplike werker se beskikking om tydens die eerste sessie lank genoeg te bly om die volle verhaal, wat soms tot vyf ure kan neem, aan te hoor en die volgende dag terug te keer om aan die probleme te begin werk. Klein gevalleladings maak ook die lewering van dienste moontlik. 'n Klein gevallelading stel die maatskaplike werker

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in staat om tred te hou met ontwikkelinge en om gekompliseerde probleme, verhoudings en planne in gedagte te hou.

Die ideaal van klein gevalleladings word deur die ondersoeker as een van die minder uitvoerbare aspekte van hierdie diens beskou, aangesien alle kinders binne die kinderhuis betrek behoort te word en die aantal personeel wat dit sou verg, onbekostigbaar sal wees.

***Buigsaamheid (Aanpasbaarheid)***

Buigsaamheid is noodsaaklik vir beide die opstel van werkooreenkomste en die maak van afsprake. Behandelingsplanne en werkooreenkomste moet akkommoderend en omvattend wees en spesifiek ontwerp word om die kliënt se behoeftes en probleme aan te spreek. Afsprake word deur die kliënte gemaak soos en wanneer dit hulle die beste pas. Die maatskaplike werker moet haar hierby skik. Dit vereis dat daar dikwels buite die normale kantoorure gewerk word om kliënte wat buitenshuis werk, te akkommodeer.

***Konkrete dienste***

Kinney *et al.* (1991:108) voer aan dat dit noodsaaklik is dat daar in 'n gesin se behoeftes voorsien moet word alvorens daar van die lede verwag kan word om verandering op die hoër vlakke van hul funksionering te bewerkstellig. Konkrete hulp help dus om die kliënt se situasie te stabiliseer sodat hulle by hulpverlening kan baatvind.

Binne die lewering van gesinsherenigingsdienste geniet die lewering van konkrete dienste, soos byvoorbeeld vervoerreëlings en huis skoonmaak, aandag (Staff & Fein 1994:207). Weens die beperkte materiële hulpbronne en mannekrag tot die beskikking van die maatskaplike werker binne die Suid-Afrikaanse welsynskonteks sal hierdie dienste baie beperk wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Teen die agtergrond van die besonderse aard van gesinsherenigingsdienste, word daar vervolgens gelet op die strategieë vir dienslewering, asook die maatskaplike werker se ingesteldheid ten opsigte daarvan.

### 3.6 Maatskaplikewerk-intervensie

Die verloop van die maatskaplikewerk-proses bestaan uit sewe fases, naamlik assessering, data-insameling, kontak, kontrak, aksie, evaluering en terminering (Pincus & Minahan1983). Uiteraard word gesinsherenigingsdienste ook volgens hierdie proses gelewer. Die proses is egter aangepas vir die lewering van gesinsherenigingsdienste, dus na afloop van die kind se statutêre verwydering, om die unieke omstandighede daarvan te akkommodeer.

Gesinsherenigingsdienste is 'n delikate proses wat sensitiewe onderwerpe aanraak en gepaard kan gaan met intense emosies (Sien hoofstuk 2). Om hierdie diens so effektief moontlik aan te wend, word daar deur die maatskaplike werker en die gesinsherenigingspan gebruik gemaak van gesinskonferensies as intervensiestrategie tydens die assesseringsfase en aksiefase. Vervolgens sal die fases van dienslewering binne gesinsherenigingsdienste, soos vanuit die Inanda Loodsprojek Handleiding aangepas, bespreek word waarna aandag gegee sal word aan die benutting van die gesinskonferensie as intervensiestrategie.

**Fase een: Kontak met die kind**

Die maatskaplike werker in die kinderhuis moet bepaal wat die kind se versorgingsopset is en al die betrokke partye betrek wat konstant met die kind werk en wat in 'n posisie is om die kind te betrek by ontwikkelingsgerigte assessering. Die taak van die maatskaplike werker in hierdie fase is om behoeftes by die kind te identifiseer en hulle aan te spreek en om effektiewe samewerking te bewerkstellig.

**Fase twee: Assessering**

Beide die kinders in substituutsorgplasings, asook hul gesinne, moet geassesseer word, sodat gesinsherenigingsdienste 'n aanvang kan neem. Tydens die assessering

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moet die kind en gesin ingelig word omtrent die voornemende hereniging. Die gevoelens van die kind en gesin omtrent die assessering moet aandag geniet. Daar moet te alle tye teen die kliënt se pas te werk gegaan word.

**Fase drie: Assessering en kontraktering met die gesin**

Die gesin moet met behulp van 'n gesinskonferensie (sien 3.7) betrek word by dienslewering. Ontwikkelingsgerigte assessering met die gesin moet ook in hierdie fase onderneem word. Die assessering sal die maatskaplike werker in staat stel om die probleme en behoeftes van die gesin, asook die wenslikheid van gesinsherenigingsdienste, die gesinslede se gewilligheid, belangstelling en beskikbaarheid te bepaal. Die onmiddellikke behoeftes en/of probleme van die gesin wat die gesinsherenigingsproses kan verhinder, moet so spoedig moontlik aangespreek word.

Na afloop van die assessering stel die gesinsherenigingspan en die gesin gesamentlik 'n kontrak of gesinsplan op. Hierdie plan en/of kontrak stipuleer die doelstellings en doelwitte vir verandering, identifiseer elke gesins– en groeplid, insluitend die maatskaplike werker, se take en verantwoordelikhede asook keerdatums vir die voltooiing daarvan en kriteria vir die evaluering van sukses (Potgieter 1998:154). Sodoende word gedeelde verantwoordelikheid, aktiewe deelname deur die gesin, asook kwaliteit dienste deur die gesinsherenigingspan verseker. Die hulpverleningsproses neem dus die vorm van 'n wedersydse vennootskap aan waar beide die gesin en die span aan mekaar verantwoordbaar is.

Wanneer die gesinsherenigingspan die gesin se huis betree, moet die beginsel van respek vir diversiteit en kultuursensitiwiteit hoogste prioriteit geniet ten einde nie aanstoot te gee nie. Daar moet gepoog word om 'n persoon vanuit dieselfde etniese groep as die gesin as leier van die gesinsherenigingspan te laat optree. Andersins moet die spanlede hulleself vooraf deeglik vergewis van die gesin se kulturele gebruike en - rituele.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**Fase vier: Aksiefase**

Interaksie tussen die gesin en kind wat in die kinderhuis verkeer, word bevorder, aangemoedig en ondersteun. Alle vorme van kommunikasie is van belang. Wanneer beide partye gereed is om van aangesig tot aangesig te ontmoet, moet die maatskaplike werker hulle daarop voorberei en die ontmoeting fasiliteer.

Sodra die kind en gesin meer gemaklik in mekaar se geselskap is, kan dag-, oornag- en naweekbesoeke ingefaseer word. Beide die ouers en die kind moet goed voorberei word op wat tydens die besoeke verwag kan word, sodat dit nie as 'n skok kom nie. Ondersteuning aan beide die ouers en die kind moet ook aandag geniet en die belang van gemeenskapslede se betrokkenheid, vir byvoorbeeld ondersteuning aan die ouers, kom aan die lig. Dit is belangrik dat die maatskaplike werker vanuit die kinderhuis kontak met die kind en gesin sal hê, terwyl die kind in die ouerhuis is, sodat waarnemings gemaak kan word ten opsigte van die ouer-kind interaksie. Vir hierdie doel word daar gebruik gemaak van gesinskonferensies. Gesinskonferensies as intervensiemetode is van groot waarde binne gesinsherenigingsdienste en word volledig bespreek in 3.7.

**Fase vyf: Die opstel en uitvoering van 'n herenigingsplan**

Indien daar besluit is dat hereniging wel wenslik is, moet die gesinsherenigingspan, sowel as die ouers en die kind gesamentlik 'n herenigingsplan saamstel. Hierdie plan moet 'n praktiese uiteensetting gee van hoe, waar en wanneer hereniging sal plaasvind. Die span en gesinslede se take moet ook duidelik hierin uiteengesit word. Die plan moet ook die kind en gesin se inskakeling by formele en informele netwerke uiteensit, sodat daar voortdurende ondersteuning vir die kind en gesin sal wees, selfs na die beëindiging van dienste.

**Fase ses: Evaluering**

Evaluering van die gebeure en vordering ten opsigte van die doelwitbereiking moet na afloop van elke sessie gedoen word. Deurlopende evaluering stel die maatskaplike werker, kind en gesin in staat om te bepaal of die hereniging van die gesin wenslik sal wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

**Fase sewe: Terminering**

Monitering en opvolgondersteuning moet vir ten minste ses maande na terminering aan die kind en gesin gelewer word, waartydens deurlopende assessering van die situasie plaasvind. As deel van die opvolgondersteuning kan die gesin met die nodige hulpbronne in kontak gebring word.

## 3.7 Gesinskonferensie

Volgens Ross (2000:5) het die gesinskonferensie in Nieu-Seeland se "Children, Young Persons and Their Families Act" van 1989 neerslag gevind. Hierdie dokument omskryf hoe, aan die hand van Maori-tradisie, die uitgebreide gesin betrek moet word en as hulpmiddel aangewend moet word as 'n besluitnemingsliggaam in gevalle van kinderbeskerming en jeug-geregtigheid (Doolan & Phillips 2000:193; Burford, Pennel & Mcleod in Compton & Galaway 1999:278). Ross is van mening dat die gebruik van gesinskonferensies nie konteksgebonde is nie en dat dit benut kan word in reaksie tot enige maatskaplike probleem waarmee ons gekonfronteer kan word. Gesinskonferensies vind ook byval by meeste mense, aangesien daar iets universeel omtrent die dinamika van die proses is (Moore & McDonald 2000:53). Binne die Suid-Afrikaanse konteks word daar gevind dat tradisionele gesinstrukture vanuit verskeie etniese groepe van gesinskonferensie gebruik maak vir onder meer probleemoplossing, bemiddeling, onderhandeling vir huwelikke en die hantering van geskille.

Onder normale omstandighede word besluite omtrent die versorging en beskerming van kinders binne die kind se eie gesin geneem. Ten spyte hiervan blyk dit dat die betrokkenheid van die gesin by besluitneming omtrent die sorg en beskerming van kinders wat statutêr verwyder is, egter baie beperk voorkom. Dit blyk dus dat wanneer die gesin se funksionering problematies is, die oplossing daarvoor in kundiges se hande lê (Lupton & Nixon 1999:31). Hierdie toedrag van sake kan die ouers en ander betrokkenes met 'n gevoel van magteloosheid laat. Die benutting van die gesinskonferensie blyk 'n bemagtigende benadering tot die gesin se probleme te wees. Een van die grondbeginsels van gesinskonferensies is dat oplossings vir die gesin se probleme gevind kan word binne die gesin self met die hulp van hulpbronne en sterkpunte binne die gesinsnetwerk (Lupton & Nixon 1999:165).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens die handleiding van die Inanda Loodsprojek word gesinskonferensies as strategie vir toetrede tot gesinsinstandhoudingsdienste en dus ook gesinsherenigings-dienste gebruik. Binne hierdie konteks kan die gesinskonferensie gesien word as 'n besluitnemingsproses wat in omstandighede waar daar 'n behoefte aan 'n plan vir kinders en hul gesinne is gebruik word. Compton & Galaway (1999:271) voer aan dat die maatskaplike werker twee funksies binne die gesinskonferensie het, naamlik om die besluitnemingsproses te fasiliteer en om die gesin van die nodige inligting vir die neem van hierdie besluite te voorsien. Nadat die nodige inligting aan die gesin oorgedra is en fasilitering plaasgevind het, is daar geleentheid vir die gesin om privaat met mekaar te gesels ("private family conference") (Compton & Galaway 1999:282; Inanda Loodsprojek Handleiding ).

Binne die proses van die gesinskonferensie word daar nie gefokus op individuele patologie nie, maar word daar eerder van die ekologiese model gebruik gemaak (Sien hoofstuk 2). Hierdie model is gesingesentreerd en poog om gesinslede te bemagtig. Dit beklemtoon die belang van die ouer-kind verhouding, bevorder veiligheid, respekteer diversiteit en kweek ouerskapsvaardighede, asook ander lewensvaardighede. Benewens die bevordering van die gesinseenheid word daar deur gesinskonferensies ook gepoog om die gesin se formele en informele netwerke uit te brei wat hulle kan ondersteun. Sieppert, Hudson & Unrau (2000:390) ondersteun hierdie siening en is van die opinie dat gesinskonferensies meer impak as dienste aan individue het.

Volgens die Inanda Loodsprojek se handleiding bied gesinskonferensies die volgende voordele.

- Al die gesinslede kry die geleentheid om hul omstandighede te ondersoek.
- Dit bind die gesinslede saam en verseker dat 'n gesinskontrak vir die lewering van dienste ooreengekom kan word.
- Dit gee alle gesinslede 'n mate van verantwoordelikheid vir die plan.
- Dit bied ondersteuning aan gesinslede.
- Dit bied 'n gesinslid wat 'n oortreding teenoor 'n ander begaan het die geleentheid om sy aksies te konfronteer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kommunikasie binne gesinskonferensies neem die vorm van 'n dialoog aan. Dialoog beklemtoon nie die stuur en ontvang van boodskappe nie. Binne dialoog word daar ook nie gespesifiseer watter inligting verlang word nie. Dialoogvoering word as 'n model van "gemeenskaplike skepping" beskou, aangesien iets nuuts vanuit die dialoogproses self geskep word. 'n Onontbeerlike eienskap van dialoog is dat dit struikelblokke, soos konflik, in kommunikasie kan verwyder. Konflik kan beskryf word as die afwesigheid van konstruktiewe kommunikasie. Konflik kan ook negatiewe emosies, soos woede en vrees, by die betrokke partye ontlok. Deur konflik, wat inherent in debatte en ondersoeke voorkom, te vermy, kan dialoog dien as 'n weg vanuit die bestaande dooiepunt.

Maluccio & Daly (2000:67-70) voer aan dat gesinskonferensies van 'n verskeidenheid beginsels gebruik maak om gesinne deur die proses van besluitneming en implementering van hierdie besluite te begelei. Hierdie skrywers identifiseer die volgende as sleutelbeginsels binne gesinskonferensies, naamlik selfbeslissing, gesinsgesentreerdheid, bemagtiging van gesinslede, veiligheid van kinders en ander gesinslede, respek vir diversiteit, beweging op die vlak en teen die pas van die kliënt en samewerking met formele en informele hulpbronne. Hierdie beginsels is vervat in die teoretiese onderbou van gesinsherenigingsdienste soos die ontwikkelingsbenadering (3.2.1) en die sterkteperspektief (3.2.2). Elk van die beginsels sal kortliks bespreek word.

- *Die reg tot selfbeslissing*

  Die konsep van selfbeslissing impliseer dat die gesin die reg het om, binne perke, hul eie besluite te kan neem. Dienooreenkomstig het die gesin binne gesinskonferensies die reg, verantwoordelikheid en vermoë om die plan te bepaal wat die beste vir hulle en hul kinders sal wees.

- *Gesinsgesentreerd*

  Die oortuiging dat die gesin die plek is waarbinne kinders moet groei en ontwikkel moet baie sterk beklemtoon word binne die gesinskonferensies. Daar moet ook erkenning gegee word aan gesinne se potensiaal om self vir hul kinders te sorg met die nodige formele en informele hulpbronne.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- *Bemagtiging van gesinslede*

Binne die gesinskonferensies maak die maatskaplike werker gebruik van vrae om gesinslede te help om na te dink oor hul eie sterkpunte en potensiaal. Lede van die gesin se uitgebreide familie, vriendekring en informele helpers kan ook betrek word. Lupton & Nixon (1999:7) konstateer dat gesinskonferensies nie alleen die gesinslede bemagtig nie, maar ook alle ander deelnemers.

- *Veiligheid van die kind en ander gesinslede*

Die veiligheid van die kind is van primêre belang. Veiligheid kan verkry word deur gesinslede te help om diegene wat die veiligheid bedreig, te identifiseer en gesamentlik 'n veiligheidsplan saam te stel. Daar kan ook, met toestemming van die gesin, gebruik gemaak word van vriende, bure en familie om 'n ondersteuningsnetwerk vir almal te vorm.

- *Respek vir diversiteit*

Nog 'n primêre beginsel is die van respek vir kultuur, ras, etnisiteit en seksuele voorkeur. Verskillende metodes van ouerskap moet ook gerespekteer word. Die enigste bepalende faktor is die veiligheid en ontwikkeling van die kind.

- *Beweeg op die vlak en teen die pas van die kliënt*

Dit is baie belangrik dat die maatskaplike werker sal begin, waar die kliënt is. Dit moet in gedagte gehou word dat kliënte na vergaderings kom in hul unieke stadium van ontwikkeling en gedagtepatrone.

- *Samewerking met formele en informele hulpbronne*

Die bevordering van samewerking tussen die gesin en die formele en informele hulpbronne is van kardinale belang. Hierdie hulpbronne sluit welsynsorganisasies, vriende, familie en vrywilligers in.

Dit blyk uit bogenoemde dat gesinskonferensies op algemene maatskaplikewerk-beginsels berus. Daar word net groter klem daarop gelê. Die beginsels van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gesinskonferensiesproses kan soos volg saamgevat word, naamlik dat die fasiliteerder:

- die bronne van konflik in 'n sisteem van verhoudings identifiseer;
- die individue binne die sisteem van verhoudings in 'n sirkel by mekaarbring;
- deelnemers, in 'n geskrewe volgorde, uitnooi om te reageer op 'n reeks oop vrae;
- begin met vrae wat help om 'n geheelbeeld van die gebeure te vorm wat bygedra het tot die konflik;
- opvolg met vrae om erkenning van en begrip vir die konflik te bewerkstellig; en
- beveilig die proses terwyl deelnemers die transformasie van konflik deurwerk.

Die gesinskonferensieproses moet deur al die deelnemers as regverdig geag word. Die grondreëls van gelykheid en beraadslaging kan nagekom word deur die deelnemers in 'n toepaslike volgorde te laat praat. Die fasiliteerder moet verder gebruik maak van subtiele intervensietegnieke indien een of meer van die deelnemers die reëls oortree. Almal wat geraak word, moet aangemoedig word om deel te neem. Elke persoon teenwoordig moet die geleentheid gegun word om te praat. Na elke bydrae moet geluister en die nodige oorweging gegee word. Geen deelnemer moet toegelaat word om ander deelnemers daarvan te weerhou om te praat nie.

Volgens die Handleiding van die Inanda Loodsprojek bestaan die gesinskonferensie uit sewe fases, naamlik aanmelding, aanvanklike kontak (maak van afspraak), die aanbieding van die konferensie, privaat gesinskonferensie, samestelling en finalisering van die gesinsplan, afsluiting en viering. Die eerste twee fases vind plaas voordat die gesinskonferensie gehou word en dien as voorbereiding. Al die ander fases vind plaas binne die konteks van die gesinskonferensie.

Die ondersoeker is van mening dat die vieringsfase spesiale vermelding verdien, aangesien dit 'n unieke konsep is. Tydens hierdie fase geniet die herenigingspan en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en vriendelike omgewing te verkeer. Sodoende kan gesins- en ander bande versterk word. Gebruike soos die sing van liedjies en die gee van handdrukke na afloop van die viering word aangemoedig. Die gesin bepaal watter vorm die viering sal aanneem. Spanlede kan bydraes maak in oorleg met dit waarmee die gesin gemaklik sal wees.

### 3.8 Samevatting

Die hoofmotivering vir die hereniging van gesinne is die oortuiging dat die gesin die beste plek vir die kind se groei en ontwikkeling is en dat substituutsorgplasing 'n negatiewe effek op die kind, gesin en gemeenskap het (hoofstuk 2). Hierdie hoofstuk het ondersoek ingestel na die benutting van gesinsherenigingsdienste as 'n model waarvolgens kinders wat in substituutsorgplasings verkeer, met hul gesinne herenig kan word.

Die teoretiese onderbou van gesinsherenigingsdienste het as vertrekpunt gedien om te beskryf teen watter agtergrond die diens gelewer word. Die eienskappe is ook uitgelig sodat onderskeid getref kan word tussen hierdie diens en ander dienste. Daar is gevind dat gesinsherenigingsdienste oor eiesoortige eienskappe beskik wat teoretiese kennis oor hierdie diens baie belangrik maak. Die idee is nie dat die leser in staat sal wees om die diens te lewer nadat sy die hoofstuk gelees het nie, maar eerder dat die effektiwiteit daarvan binne werk met kinders en hul gesinne die leser sal motiveer om verdere opleiding te ontvang.

Die benutting van die gesinsherenigingsdienste-model is 'n relatiewe nuwe konsep, veral vanuit die kinderhuis, en die ondersoeker is deeglik bewus van die feit dat huidige omstandighede in die welsynsveld dit nie huidiglike tot die benutting van die model verleen soos wat dit in die literatuur vervat is nie. Daar bestaan 'n groot behoefte aan die aanpassing en ontwikkeling van 'n "inheemse" gesinsherenigings-model. Ten einde die uitvoerbaarheid van gesinsherenigingsdienste vanuit kinder-huise by maatskaplike werkers te toets, is 'n empiriese ondersoek uitgevoer wat in die volgende hoofstuk bespreek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 4: DIE HAALBAARHEID VAN DIE LEWERING VAN GESINSHERENIGINGSDIENSTE VANUIT DIE KINDERHUIS

## 4.1 Inleiding

Alhoewel die belange van kinders en gesinne hoë prioriteit binne die filosofie van die maatskaplikewerk-professie geniet, blyk dit dat daar 'n leemte ten opsigte van gesinsherenigingsdienste in Suid-Afrika bestaan (Pleegsorg-verslag 1990). Redes vir hierdie leemte is onder andere die maatskaplike werkers se hoë gevalleladings en gefragmenteerde dienslewering (Gaffley 1996:351).

Die uiteinde van hierdie gebrek aan herenigingsdienste is dat kinders uit hul ouers se sorg verwyder en vir onbepaalde tye in substituutsorg geplaas word (Barth & Price 1999:89). Met die menslike ontwikkelingsteorie as agtergrond wil dit voorkom dat hierdie statutêre verwydering 'n lewenslange effek op die kind en gesin kan hê (Howe *et al* 2000:144) en dus ook, vanuit die ekologiese perspektief gesien, 'n invloed op die gemeenskap en die samelewing kan uitoefen (Sviridoff & Ryan 1997:128).

Maatskaplike werkers in Nieu-Seeland, Australië, Amerika en Europa benut reeds vir dekades gesinsherenigingsdienste as intervensiemetode om die terugplasing van kinders in substituutsorg by hul biologiese gesinne te bewerkstellig. In erkenning van die belang van die gesin en die welslae waarmee gesinsherenigingsdienste in ander wêreldlande aangewend word, word daar huidiglik in Suid-Afrika aandag gegee aan die implikasies van gesinsherenigingsdienste vir kinders, gesinne en gemeenskappe. Gesinsherenigingsdienste, soos met die beskerming van kinders, behoort egter almal se verantwoordelikheid te wees. Daar moet dus ook vanuit die kinderhuise meer aktief gewerk word om die terugplasing van kinders in hul gesinne te bespoedig. Daar is egter verskeie faktore wat in ag geneem moet word indien maatskaplike werkers gesinsherenigingsdienste in Suid-Afrika met welslae wil benut. 'n Unieke model behoort vir die Suid-Afrikaanse konteks ontwikkel te word. Die huidige ondersoek het dus ten doel om 'n bydrae hiertoe te lewer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

## 4.2 Afbakening van die ondersoek

Daar is vier kinderhuise in die Wes-Kaap wat onder bestuur van die Nederduits Gereformeerde Kerk se Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid resorteer. Die ondersoeker is by een van hierdie kinderhuise werksaam. Daar is besluit om die studie tot hierdie kinderhuise te beperk, aangesien daar aanvaar word dat genoemde kinderhuise gemeenskaplike eienskappe het en daar gevolglik meer geredelike veralgemenings en afleidings vanuit die inligting gemaak kan word (De Vos 1998:198).

## 4.3 Data-insameling en dataverwerking

Vanweë die verkennende aard van die empiriese ondersoek is daar gebruik gemaak van selfrapporterings-vraelyste om die nodige inligting te bekom (Grinnell & Williams 1990:216). Die vraelys het hoofsaaklik uit geslote veelkeusevrae bestaan en daar is gepoog om met behulp van oop vrae voorsiening te maak vir menings (Babbie 1991:185).

Die vraelyste is na afloop van 'n kort inligtingsessie aan die betrokke kinderhuise se maatskaplike werkers oorhandig. Die maatskaplike werkers het die vraelyste indivi-dueel ingevul en per faks teruggestuur. Tien maatskaplike werkers het aan die onder-soek deelgeneem en al tien die vraelyste is terugontvang. Daar was dus 'n 100% responskoers wat volgens Fouchè (1998:153) 'n uitstekend responskoers is.

Die inligting wat vanuit die vraelyste verkry is, is met behulp van die Microsoft Excel program verwerk en hoofsaaklik statisties weergegee.

## 4.4 Resultate van die ondersoek

Die empiriese ondersoek het ten doel gehad om:

- maatskaplike werkers, wat binne 'n kinderhuis werk, se mening te bepaal aangaande gesinsherenigingsdienste en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- op grond van hul mening, die uitvoerbaarheid van gesinsherenigings-dienste vanuit die kinderhuis te bepaal.

### 4.4.1 Profiel van die maatskaplike werkers

Verskeie faktore het volgens Krüger (1996:131) 'n invloed op maatskaplike werkers se kennis en dus hul vermoë om gesinsinstandhoudingsdienste, en dus ook gesinsherenigingsdienste, te lewer. Gevolglik is 'n profiel van die maatskaplike werkers wat by die ondersoek betrek is, opgestel op grond van hul geslag, ouderdom, werkondervinding, gevallelading en opleiding.

#### (i) Geslag

Al tien (100%) die respondente wat aan die ondersoek deelgeneem het, was vroulik.

#### (ii) Ouderdom

Die respondente se ouderdom is vervolgens bepaal. Die bevindinge word in die onderstaande tabel uiteengesit.

**Tabel 4.1 Ouderdom van respondente**


| Ouderdom | Aantal respondente | Persentasie |
|---|---|---|
| 20-25 jaar | 1 | 10% |
| 26-30 jaar | 5 | 50% |
| 31-35 jaar | 0 | 0% |
| 36-40 jaar | 2 | 20% |
| 41-45 jaar | 2 | 20% |

Ses (60%) van die respondente het in die is jonger as 30 jaar, wat meebring dat hulle oor resente opleiding beskik en bekend behoort te wees met die nuutste tegnieke en hulpmiddels. Vier (40%) van die respondente het aangedui dat hulle tussen 35 en 45 jaar oud was, wat impliseer dat hul opleiding meer as 12 jaar gelede voltooi is. Hierdie respondente sal waarskynlik baat vind by opknappingskursusse.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### (iii) Werkondervinding

Die navorser is van mening dat 'n mate van werkondervinding nodig is ten einde die respondent in staat te stel om 'n ingeligte mening te gee omtrent gesinsherenigings-dienste vanuit kinderhuise, asook die benutting daarvan as intervensiemetode, aangesien dit baie praktiese implikasies inhou. Die respondente is daarom gevra om hulle aantal jare veldwerkondervinding en ondervinding binne die kinderhuis aan te dui.





N=10

**Figuur 4.1 Aantal jare veldwerk ondervinding**

Vanuit die bostaande figuur blyk duidelik dat slegs een (10%) van die respondente oor meer as ses jaar veldwerkondervinding beskik het. Vyf (50%) van die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

respondente het geen veldwerk ondervinding gehad nie. Hierdie gebrek aan veldwerkondervinding kan moontlik 'n effek op die respondente se opinie jeens eksterne organisasies se verantwoordlikheid ten opsigte van die lewering van gesinsherenigingsdienste hê. Vervolgens is ondersoek ingestel na kinderhuis-ondervinding.




**N=10**

**Figuur 4.2 Aantal jare kinderhuisondervinding**

Daar is bevind dat een (10%) respondent minder as twee jaar ondervinding gehad, terwyl vier (40%) respondente reeds drie jaar in die kinderhuis werksaam was. Een (10%) van die respondente het ses jaar ondervinding in die kinderhuis, terwyl drie (40%) respondente meer as sewe jaar ondervinding het. Respondente het dus aansienlik meer kinderhuisondervinding as veldwerkondervinding.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vanuit die bogenoemde gegewens blyk dit dat die meerderheid respondente oor genoegsame werkondervinding binne kinderhuise beskik het om 'n ingeligte mening omtrent gesinsherenigingsdienste vanuit die kinderhuis te kon gee.

**(iv) Gevallelading**

Gesinsherenigingsdienste vereis klein gevalleladings aangesien die diens baie intensief van aard is. Die respondente is versoek om die aantal kinders en gesinne in die kinderhuis, asook die maatskaplike werkers se individuele gevalleladings te reflekteer.

**Tabel 4.2 Aantal kinders en gesinne in kinderhuise**

| | Kinderhuise | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Kategorieë** | **A** | **B** | **C** | **D** | **Totaal** |
| Aantal kinders | 50 | 152 | 150 | 155 | 507 |
| Aantal gesinne | 28 | 98 | 90 | 97 | 313 |

Vanuit die voorafgaande tabelle blyk dit dat die vier kinsderhuise wat by die ondersoek betrek is, gesamentlik 507 kinders huisves. Hierdie kinders verteenwoordig 313 gesinne. Dit wil dus voorkom asof daar in verskeie gevalle meer as een kind van dieselfde gesin in die kinderhuis verkeer. Deur dienste aan 'n gesin te lewer, kan dus meer as een kind gelyktydig bevoordeel word. Ondersoek is verder ingestel na die gevallelading wat elke maatskaplike werker hanteer.

**Tabel 4.3 Gevallelading**

| | **A** | **B** | **C** | **D** |
|---|---|---|---|---|
| Gemiddelde aantal kinders per maatskaplike werker | 50 | 57 | 38 | 78 |
| Gemiddelde aantal gesinne per maatskaplike werker | 28 | 33 | 23 | 49 |

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die gemiddelde aantal kinders en gesinne per maatskaplike werker verskil aansienlik van kinderhuis tot kinderhuis. Kinderhuis D het die hoogste gevalleladings. Dit is verbaal aan die ondersoeker meegedeel dat 'n vakante pos die rede hiervoor is. Twee maatskaplike werkers moet dus drie maatskaplike werkers se gevalle hanteer.


Die aantal kinders waarvoor 'n maatskaplike werker verantwoordelik is moet binne die konteks van die kinderhuis gesien word. Vanweë die verantwoordelikhede wat die kinderhuis as substituutsorg inneem, impliseer dit dat intensiewe, deurlopende dienste gelewer moet word. Dit bring mee dat insette ook dikwels na ure deur die maatskaplike werker gelewer moet word.

**(v) Opleiding ten opsigte van gesinsherenigingsdienste**

Die konsep van gesinsherenigingsdienste, soos in hoofstuk twee uiteengesit, is 'n relatiewe nuwe konsep in Suid-Afrika wat nog nie algemeen toegepas word nie. Volgens Krüger (1996:172) stel die lewering van gesinsinstandhoudingsdienste, en dus ook gesinsherenigingsdienste hoë eise aan personeel. Dit is daarom noodsaaklik dat personeel oor besondere kwaliteite moet beskik, veral in terme van toewyding en kennis. Vervolgens is ondersoek ingestel na die respondente se teoretiese kennis ten opsigte van gesinsherenigingsdienste.

Deur vas te stel tot watter mate die respondente bekend is met die benutting van gesinsherenigingsdienste wou die navorser bepaal hoe ingelig, en dus hoe waardevol, hul menings omtrent die implementering van die diens is. Die respondente se opleiding met die onderwerp word in die onderstaande figuur uitgebeeld.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za




**n=28** (Respondente kon meer as een aandui)

**Figuur 4.3 Opleiding ontvang ten opsigte van gesinsherenigingsdienste**

Vanuit figuur 4.3 blyk dit dat nege (90%) van die respondente wel opleiding van die een of ander aard ten opsigte van gesinsherenigingsdienste ontvang het. Van hierdie groep het agt (80%) werkswinkels bygewoon, terwyl vyf (50%) gebruik gemaak het van selfstudie, omsendbriewe, beleidsdokumente en ander kursusse. Die respondente wat deelgeneem het aan die empiriese ondersoek het dus almal die geleentheid gehad om teoretiese kennis ten opsigte van gesinsherenigingsdienste te verwerf. Daar kan dus afgelei word dat hulle oor die nodige kennis beskik om hierdie diens te kan bedryf en te beoordeel. Daar is vervolgens ondersoek ingestel na wie vir die lewering van gesinsherenigingsdienste kwalifiseer, sodat die omvang van hierdie diens bepaal kan word.


### 4.4.2 Mening omtrent die belang van gesinsherenigingsdienste vanuit kinderhuise

'n Kind het die reg om in gesinsverband groot te word (Witskrif vir Welsyn 1996). Daarom behoort die instandhouding en bemagtiging van gesinne, eerder as die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verdere verswakking van gesinstrukture deur maatskaplike werkers nagestreef te word (Krüger 1996:6).

Respondente is versoek om op 'n skaal van 1 (onnodig) tot 5 (uiters nodig) aan te dui hoe belangrik hulle die lewering van gesinsherenigingsdienste vanuit kinderhuise ag. Die resultate word in Figuur 4.4 weergegee.




**N=10**


**Figuur 4.4 Die belang van die lewering van gesinsherenigingsdienste**

Soos duidelik in figuur 4.4 waargeneem kan word, het vier (40%) aangedui dat gesinsherenigingsdienste uiters nodig is, vier (40%) het dit as baie nodig geag, terwyl twee (20%) dit nodig geag het. Dit blyk dus dat die meerderheid van die respondente gesinshereningsdienste vanuit kinderhuise as 'n nodige diens ag. Die respondente moes verder aandui wie, volgens hulle, vir die lewering van die diens verantwoordelik moet wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 4.4.3 Mening omtrent die verantwoordelikheid vir die lewering van gesins-herenigingsdienste aan kinders en hul gesinne

Volgens die Nasionale Beleidsraamwerk vir Gesinne (2001:5) behoort gesinsinstand-houdingsdienste deur middel van 'n samewerkings model ("collaborative model") bedryf te word. Aangesien gesinsherenigingsdienste vanuit gesinsinstandhoudings-teorie voortvloei bestaan die vermoede dat hierdie diens ook vanuit 'n samewerkingsmodel gelewer sal word. Respondente is versoek om aan te dui wie na hul mening verantwoordelikheid vir die lewering van gesinsherenigingsdienste aan kinders in kinderhuise en hul gesinne behoort te neem.




**N=10**

**Figuur 4.5 Die lewering van gesinsherenigingsdienste**


Vanuit figuur 4.5 blyk dit dat agt (80%) van die respondente van mening was dat kinderhuise en eksterne organisasies gesamentlik vir die lewering van gesinsherenigingsdienste verantwoordelik behoort te wees. Die lewering van gesinsherenigingsdienste word dus nie as die uitsluitlike verantwoordelikheid van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die kinderhuis of die eksterne organisasies beskou nie. Daar kan egter vanuit die kinderhuis inisiatief geneem word vir die implementering van hierdie diens, aangesien die kinderhuis die effek van die verwydering op die kind ervaar en dus as kampvegter vir die kind kan optree. Daar bestaan egter unieke hindernisse binne die Suid-Afrikaanse konteks wat die lewering van hierdie diens bemoeilik. Respondente is vervolgens versoek om aan te dui of hulle van mening was dat hierdie diens wel vanuit kinderhuise uitvoerbaar is en watter beperkinge voorsien word.

### 4.4.4 Uitvoerbaarheid van gesinsherenigingsdienste vanuit kinder-huise

Maatskaplikewerk-dienslewering binne die Suid-Afrikaanse konteks is uniek aan die land en sy mense. Hierdie uniekheid gee ook aanleiding tot verskeie probleme wanneer 'n diens nie binne hierdie konteks ontwikkel is nie. Die respondente moes vervolgens aandui of gesinsherenigingsdienste vanuit kinderhuise uitvoerbaar is, al dan nie. Die respondente se reaksie word in figuur 4.6 uiteengesit.





**N=10**

**Figuur 4.6 Mening omtrent die praktiese uitvoerbaarheid**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar blyk ambivalensie te wees oor die uitvoerbaarheid van gesinsherenigingsdienste vanuit die kinderhuis. Vyf (50%) van die respondente was van mening dat gesinsherenigingsdienste vanuit die kinderhuis wel prakties uitvoerbaar is teenoor vier (40%) wat onseker was. Slegs een (10%) respondent het aangedui dat sy van mening was dat dit geensins uitvoerbaar sal wees nie.

Die hoë mate van onsekerheid aangaande die uitvoerbaarheid van gesinsherenigingsdienste vanuit kinderhuise kan volgens die ondersoeker toegeskryf word aan 'n gebrek aan praktiese voorbeelde van hierdie diens binne Suid-Afrikaanse maatskaplikedienste, en spesifiek die kinderhuis, asook die geweldige druk waaronder maatskaplike werkers moet werk as gevolg van hoë gevalleladings. Geen literatuur kon gevind word waar die praktiese uitvoering van gesinsherenigingsdienste vanuit 'n kinderhuis en die gevolge daarvan oor tyd aangeteken is nie. Soos aan die begin van hierdie afdeling genoem, het maatskaplike werkers in Suid-Afrika te kampe met unieke uitdagings en hindernisse. Die respondente is versoek om aan te dui watter hindernisse hulle in die uitvoering van hierdie diens voorsien. Respondente kon meer as een antwoord gee.




**n=28** (Respondente kon meer as een respons gee)

**Figuur 4.7 Hindernisse in die lewering van gesinsherenigingsdienste vanuit kinderhuise**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sewe (70%) van die respondente het **geografiese ligging**, dit wil sê die afstand tussen die ouerhuis en die kinderhuis, as 'n stuikelblok genoem. Hierdie probleem word vererger deur die gebrek aan kinderhuise, asook 'n gebrek aan vakatures vir in kinderhuise in die kind se omgewing. Gesinsherenigingsdienste is 'n intensiewe diens en die lang afstande wat ouers dikwels vanaf die kinderhuise woon, gee daartoe aanleiding dat die diens nie prakties moontlik is nie.

Vyf (50%) van die respondente was van mening dat **hoë gevalleladings** die lewering van gesinsherenigingsdienste moeilik uitvoerbaar sal maak. Hoë gevalleladings is algemeen in maatskaplike werk binne die Suid-Afrikaanse konteks. Gesinsherenig-ingsdienste se intensiewe aard vereis egter klein gevalleladings (Walton 1998:205; Wells 1995:74; Kinney *et al* 1991:23-38).

**Ouers se motivering en onkunde** by ouers, gemeenskap en ander professionele persone word deur vier respondente as moontlike hindernisse beskou. Alvorens gesinsherenigingsdienste aan 'n gesin gelewer kan word, moet beide die ouer en die kind die wens uitspreek tot gesinshereniging en hulself bereidwillig verklaar om saam te werk ten einde dit 'n realiteit te maak.


Ander faktore wat as hindernisse beskou word, is **finansies** en **multi-probleem gesinne**. Hierdie is ook twee werklikhede waarmee maatskaplike werkers in Suid-Afrika op 'n daaglikse basis gekonfronteer word. Finansies is veral 'n probleem, aangesien dit bepaal hoeveel mannekrag beskikbaar is. Soos reeds genoem, is gesinsherenigingsdienste 'n intensiewe diens wat baie mannekrag vereis. Vervolgens word ondersoek ingestel na die aantal gesinne wat vir die lewering van gesinsherenig-ingsdienste kwalifiseer.

### 4.4.5 Aantal gesinne wat voldoen aan die kriteria vir gesinsherenigings-dienste

Gesinsherenigingsdienste is 'n baie intensiewe intervensiemetode daarom moet gesinne dus aan sekere vereistes voldoen ten einde gesinsherenigingsdienste uitvoerbaar te maak (Kinney *et al* 1991:17). Van hierdie aspekte is byvoorbeeld die afstand tussen die gesin se woonplek en die kinderhuis, die ouers se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bereidwilligheid tot samewerking en die mate waarin die kind se veiligheid deur omstandighede tuis bedreig word. Die resultate word in die volgende figuur weergegee.




**n=313** (totale aantal gesinne wat in die kinderhuise verteenwoordig word

**Figuur 4.8 Gesinne wat kwalifiseer vir die lewering van gesinsherenigings-dienste**


Vanuit figuur 4.8 blyk dit dat slegs 30 (10%) van die 313 gesinne, volgens die respondente vir gesinsherenigingsdienste, kwalifiseer. Die feit dat relatief min gesinne huidiglik kwalifiseer vir die lewering van gesinsherenigingsdienste, moet egter nie die indruk skep dat die diens onnodig is nie. Die behoefte aan die diens word sterk beklemtoon deur die lewenslange invloed wat die lang periodes van skeiding tussen die kind en sy gesin op die kind het. Vervolgens is die tydperk van kinders se verblyf in kinderhuise ondersoek.

### 4.4.6 Tydperk van verblyf in die kinderhuis

Die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) maak daarvoor voorsiening dat kinders vir 'n periode van twee jaar in substituutsorg versorg kan word. Die navorser se eie ondervinding asook literatuur (Gaffley 1996:352), het bevind dat kinders vir veel langer tydperke in kinderhuise aangehou word. Die navorser het die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

respondente versoek om aan te dui hoe lank elk van die kinders in hul sorg in die kinderhuis se sorg verkeer.




**n=507** (totale aantal kinders in die vier kinderhuise)

**Figuur 4.9 Tydperk wat kinders in die kinderhuise verkeer**

Die respondente het aangedui dat 40% van die kinders in hulle sorg in die 0-2 jaar kategorie val. 'n Totaal van 22% het in die 3-4 jaar kategorie geval, terwyl 38 % vir langer as 5 jaar in die kinderhuis se sorg is. Die meerderheid, 60% van die kinders in hierdie kinderhuise, is dus vir langer as 2 jaar in die kinderhuis. Die bevindinge het dus die navorser se waarnemings, asook Gaffley (1996), se bevindinge ondersteun, naamlik dat kinders vir veel langer in substituutsorg verkeer as wat deur die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) voorgehou word. Hierdie verlengde afwesigheid vanuit die gesin vergroot verder die kanse dat die kind van die ouers en gesin vervreem kan word (Kinney *et al* 1996:37), en verhoog die kanse dat die kind psigologies ontwrig kan word (Olson 1988:178).

Die afleiding kan dus gemaak word dat die tydperk wat kinders in kinderhuise aanbly onmiddellikke aandag verg, aangesien dit kinders emosioneel kan skaad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Deur gesinsherenigingsdienste kan daar pro-aktief te werk gegaan word om die terugplasing van kinders in hul biologiese gesinne te bespoedig.
Soos reeds in hierdie ondersoek bevind is, kan die diens egter nie uitsluitlik vanuit die kinderhuis gelewer word nie. Kinderhuispersoneel is egter, vanuit hul daaglikse kontak met die kinders en hul behoeftes, in die verantwoordelike posisie om hierdie diens te inisiëer. Die diens behoort 'n spanpoging van die kinderhuis, eksterne organisasies, maar ook die gemeenskap te wees.

### 4.4.7 Gemeenskapsbetrokkenheid

Gemeenskapsbetrokkenheid word deur (Dore & Harnett 1995:73) beskou as 'n onlosmaaklike deel van gesinsherenigingsdienste. Willson (1998:86) voer aan dat, ten einde die ondersteuning van die gemeenskap vir die lewering van en betrokkenheid by gesinsherenigingsdienste te verkry, dit nodig is om hulle aan die begin van die beplanningsfase te betrek.

Die benutting van vrywilligers is 'n integrale element van gesinsherenigingsdienste, aangesien hulle die ondersteuningsnetwerk vorm wat tydens en na afloop van die lewering van die diens die gesin moet ondersteun. Hierdie ondersteuning is veral van belang na terminering van gesinsherenigings-dienste ten einde te verseker dat die gesin nie enige ernstige terugvalle beleef nie (Dore & Harnett 1995:74).

Respondente is versoek om aan te dui of hulle reeds bekend is met gemeenskapslede wat as vrywilligers binne herenigingsdienste benut kan word. Agt (80%) van die respondente het aangedui dat hulle bekend is met gemeenskapslede wat opgelei kan word om deel van die gesinshereniging-span te vorm. Dit blyk dus dat daar genoegsame gemeenskaps betrokkenheid bestaan.

## 4.5 Samevatting

Die ondersoek het gehandel oor die uitvoerbaarheid van gesinsherenigingsdienste vanuit kinderhuise. Die mening van maatskaplike werkers verbonde aan kinderhuise is in die verband benut. Die respondente se praktiese ervaring, asook

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hul teoretiese kennis is getoets en daar is bevind dat hulle oor die nodige kennis, vaardigheid en houding beskik om menings omtrent hierdie onderwerp te gee. Respondente het die belang van gesinsherenigingsdienste beaam. Hulle was egter ook deeglik bewus van al die moontlike hindernisse wat die lewering van hierdie diens kon bemoeilik. Die hindernisse wat deur die respondente geïdentifiseer is, is volgens die navorser grondig en voortspruitend vanuit die maatskaplike probleme binne die Suid-Afrikaanse samelewing. Hierdie hindernisse daag die maatskaplike werker ook uit om sekere aanpassings te maak.

Ten opsigte van die lewering van gesinsherenigingsdienste vanuit die kinderhuis was die respondnte se reaksie oorwegend positief. Daar was egter 'n sterk gevoel dat die lewering van hierdie diens eerder 'n gesamentlike poging van kinderhuise en eksterne organisasies behoort te wees. Die betrokkenheid van die gemeenskap is ook ondersoek en daar is bevind dat die meeste kinderhuise reeds bekend is met gemeenskapslede in hul omgewing wat by die lewering van dienste in die span betrek kan word.

Gesinsherenigingsdienste is 'n westerse model en daar sal aanpassings gemaak moet word om dit met sukses binne die Suid-Afrikaanse konteks, maar ook spesifiek binne die kinderhuis toe te pas. Aanbevelings in die verband word in die volgende hoofstuk bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1 Inleiding

Die ondersoek na die lewering van gesinsherenigingsdienste vanuit kinderhuise het gespruit uit die ondersoeker se waarneming van die lang periodes wat kinders in kinderhuise verkeer. Die ondersoeker se benadering tot die ondersoek is grootliks beïnvloed deur die uitgangspunt dat intensiewe dienslewering vanuit kinderhuise aan kinders en hul gesin van herkoms die hereniging van gesinne sal bevorder.

'n Verkennende ondersoek is onderneem om vas te stel of die lewering van gesinsherenigingsdienste vanuit kinderhuise haalbaar sal wees. Aandag is gegee aan die impak van 'n kind se statutêre verwydering waarna die teoriese uitgangspunte en unieke eienskappe van gesinsherenigingsdienste ondersoek is. Ten einde die praktiese haalbaarheid van gesinsherenigingsdienste vanuit kinderhuise te bepaal, is maatskaplike werkers se menings omtrent die lewering van sodanige diens met behulp van 'n vraelys verkry.

Die doel van hierdie hoofstuk is om die gevolgtrekkings waartoe die navorser gekom het, te formuleer, asook om aanbevelings te maak waarvolgens gesinsherenigings-dienste vanuit kinderhuise geïnisieer kan word.

## 5.2 Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings is gebaseer op die bevindinge van die empiriese ondersoek.

### 5.2.1 Maatskaplikewerker-profiel

Ten einde die betrokke maatskaplike werkers se kennis en vaardigheid met betrekking tot gesinsherenigingsdienste te bepaal is 'n profiel van die respondente saamgestel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Al die respondente was van die vroulike geslag. Die meerderheid van die respondente was ouer as 25 jaar. Dit impliseer dat die respondente oor resente opleiding, asook 'n mate van lewensondervinding beskik.

Die meerderheid van die respondente het oor drie of meer jare ondervinding beskik wat hulle in staat stel om die situasie te kan beoordeel. Slegs een respondent het net nege maande werkondervinding gehad. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die respondente oor genoegsame ondervinding beskik om die uitvoerbaarheid van gesinsinstand-houdingsdienste vanuit kinderhuise te beoordeel en die nodige vaardighede het om dit te kan implementeer.

Kennis aangaande die aard en eienskappe van gesinsherenigingsdienste is baie belangrik ten einde die diens suksesvol te lewer. Feitlik al die respondente het opleiding van die een of ander aard ten opsigte van gesinsherenigingsdienste ontvang. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die respondente oor die nodige kennis omtrent die diens beskik het.

### 5.2.2 Die belangrikheid van gesinsherenigingsdienste vanuit kinderhuise

Ten einde te bepaal of die lewering van gesinsherenigingsdienste vanuit kinderhuise relevant is, het die ondersoeker die respondente versoek om hul mening hieroor te gee. Die meerderheid van die maatskaplike werkers het aangedui dat hulle die lewering van gesinsherenigingsdienste vanuit die kinderhuis as belangrik ag. Aangesien daar reeds vasgestel is dat die betrokke maatskaplike werkers oor die nodige kennis en vaardigheid beskik, kan die mening betroubaar geag word.

### 5.2.3 Die verantwoordelikheid vir die lewering van gesinsherenigingsdienste aan kinders en hul gesinne

Die belangrikheid van die gesin vir die gesonde ontwikkeling van die kind, soos deur die Nasionale Beleidsraamwerk vir Gesinne erken, noodsaak gesinsherenigings-dienste in gevalle waar substituutsorg noodwendig moes

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geskied. Die respondente was dit eens dat gesinsherenigingsdienste 'n belangrike diens is wat gelewer behoort te word aan kinders en hul gesinne.

Die navorser wou vasstel wie vir die lewering van hierdie diens verantwoordelik gehou moet word. Verreweg die meeste van die respondente in die ondersoekgroep is van mening dat die lewering van gesinsherenigingsdienste 'n gesamentlike poging tussen die kinderhuise en eksterne organisasies behoort te wees. Daar word dus tot die gevolgtrekking gekom dat die respondente bereid is om 'n poging vanuit die kinderhuis aan te wend in samewerking met die betrokke eksterne organisasies. Die eksterne organisasies se maatskaplike werker is in die meeste gevalle wel bekend met die ouers se omstandighede en dus in 'n posisie om leiding en aanbevelings aangaande hul omstandighede te gee, terwyl die interne maatskaplike werker daagliks gekonfronteer word met die kind se belewenis van substituutsorg en dus weer die kind se belange kan verteenwoordig.

### 5.2.4 Die uitvoerbaarheid van gesinsherenigingsdienste

Ten spyte van die respondente se positiewe mening aangaande die belangrikheid van die lewering van gesinsherenigingsdienste het hulle verskeie hindernisse geidentifiseer wat die lewering van hierdie diens kan bemoeilik.

Die mees algemene struikelblok, naamlik geografiese ligging, is huidiglik 'n groot probleem weens die gebrek aan geskikte substituutsorgmoontlikhede binne die gemeenskap waaruit die kind kom. Verder is daar ook beperkte vakatures in kinderhuise en word kinders geplaas op grond van beskikbaarheid van plek eerder as die area vanwaar hulle kom. Hierdie probleem is wesenlik en daar bestaan nie eenvoudige oplossings hiervoor nie. Dit is egter wel moontlik om kernaspekte van gesinsherenigingsdienste te benut.

Die tweede mees algemene struikelblok is die van hoë gevalleladings vir beide die maatskaplike werkers binne die kinderhuise, asook die eksterne organisasies. Dit is ook 'n wesenlike probleem en spruit voort vanuit die geweldige maatskaplike probleme, soos byvoorbeeld armoede, waarmee Suid-Afrika worstel. Hierdie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toedrag van sake mag maatskaplike werkers egter nie ontmoedig om gesinsherenigings-dienste te lewer nie en innoverende aksies moet in werking gestel word.

Die gevolgtrekking wat dus hier gemaak kan word, is dat daar werklike hindernisse bestaan wat die lewering van gesinsherenigingsdienste vanuit die kinderhuis kan kompliseer soos in die geval van die geografiese ligging en hoë gevalleladings. Daar moet egter maniere gevind word om hierdie probleme te oorbrug. Moontlike oplossings sal later in die hoofstuk aanbeveel word.

### 5.2.5 Aantal gesinne wat voldoen aan die kriteria vir die lewering van gesinsherenigingsdienste

Nie alle kliënte is geskik om gesinshereningsdienste te ontvang nie. Die rede hiervoor is gesetel in die intensiewe aard van die diens. Die hindernisse wat reeds genoem is, naamlik die geografiese afstand tussen die kinderhuise en ouerhuise, ouers se motivering en beperkte mannekrag, het dus 'n invloed op wie geskik is om die dienste te ontvang.

Geskikte kandidate word gesien as diegene wat in die kinderhuis se onmiddellike omgewing woon, gemotiveerd is tot samewerking en nie die veiligheid van die kind en/of die maatskaplike werker bedreig nie. Daar is vanuit die ondersoek gevind dat weinig van die gesinne in die betrokke kinderhuise vir die lewering van gesinsherenigingsdienste kwalifiseer. Die hoofredes hiervoor blyk die geografiese afstand en 'n gebrek aan motivering by die ouers te wees. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat, aangesien daar min gevalle is wat kwalifiseer vir die lewering van gesinsherenigingsdienste, dit wel uitvoerbaar sal wees, maar dat dit slegs op 'n klein skaal bedryf sal kan word.

### 5.2.6 Tydperk van verblyf in kinderhuis

Die ondersoeker se eie ondervinding, asook die literatuur, het aangedui dat kinders vir lang periodes in kinderhuise verkeer. Hierdie bevinding is bevestig deur die huidige ondersoekgroep. Die impak van hierdie skeiding is traumaties en met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

langtermyn gevolge. Aangesien die lewering van gesinsherenigingsdienste daarop ingestel is om die terugkeer van kinders na hul gesinne van oorsprong te bewerkstellig, kan die afleiding dus gemaak word dat dit die lang periodes wat sommige kinders in kinderhuise deurbring, kan verkort en sodoende die impak van die trauma kan verminder.

### 5.2.7 Gemeenskapsbetrokkenheid

Gemeenskapsbetrokkenheid in die lewering van gesinsherenigingsdienste en die instandhouding van hierdie gesinne is uiters belangrik. Daar is gevind dat gesinne waar kinderverwaarlosing en –mishandeling voorkom dikwels sosiaal geïsoleerd is sonder die nodige ondersteuningsnetwerke. Die benutting van gemeenskapslede in die lewering van gesinsherenigingsdienste stel die gesin in staat om 'n informele ondersteuningsnetwerk binne hul onmiddellike omgewing op te bou.

Die meerderheid van die respondente het aangedui dat hulle reeds bekend was met gemeenskapslede in hul werksgebiede wat as vrywilligers in die lewering van gesinsherenigingsdienste opgelei kan word. Daar is dus potensiële vrywilligers wat die lewering van hierdie diens 'n moontlikheid kan maak en ook die vordering wat met gesinne gemaak word, instand kan hou.

Vanuit die ondersoek in geheel kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat gesinsherenigingsdienste, ten spyte van verskeie hindernisse wat deur die respondente identifiseer is, wel vanuit kinderhuise gelewer kan word, maar dat dit in samewerking met die eksterne organisasies en die gemeenskap onderneem moet word.

## 5.3 Aanbevelings

Vanuit die bevindinge van die ondersoek word dit aanbeveel dat gesinsherenigingsdienste aktief vanuit kinderhuise bevorder moet word en in samewerking met eksterne organisasies en gemeenskappe gelewer moet word. Hierdie aanbevelings word gemaak ten opsigte van kinders wie se ouers oor die potensiaal beskik om die versorging van hul kinders self waar te neem. Om hierdie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

diens tot uitvoer te bring, word die volgende aanbevelings gemaak. Diagram 5.1 gee vervolgens 'n visuele voorstelling van hierdie aanbevelings.





**Diagram 5.1 'n Skematiese voorstelling van die implementering van Gesinsherenigingsdienste**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 5.3.1 Staatsbeleid

- Die voorneme ten opsigte van dienste aan gesinne en kinders, spesifiek gesinsherenigingsdienste, wat in die Witskrif en ander konsepskrifte vermeld word, moet tot uitvoer gebring word deur die daarstelling van **beleidsdokumente** wat as riglyn vir die implementering van hierdie diens kan dien.

- Die ondersoeker is bewus daarvan dat die staat reeds opleiding ten opsigte van gesinsinstandhouding- en gesinsherenigingsdienste subsidieer en het self die geleentheid gehad om hierdie opleiding te ontvang. Hierdie **opleiding** moet nasionaal uitgebrei word om die suksesvolle implementering van gesinsherenigingsdienste te verseker.

- Die implementering van gesinsherenigingsdienste binne die Departement Maatskaplike Dienste, asook binne welsynsorganisasies, vereis deurlopende **monitering** om kwaliteit dienslewering te verseker.

### 5.3.2 Beheerrade van welsynsorganisasies

Die nasionale rade van welsynsorganisasies behoort saam met die staat die implementering en lewering van gesinsherenigingsdienste by affiliale aan te moedig en te monitor.

### 5.3.3 Samewerking tussen kinderhuise en eksterne organisasies

Die samewerking tussen kinderhuise en eksterne organisasies is van kardinale belang, aangesien daar reeds tot die gevolgtrekking gekom is dat die lewering van gesinsherenigingsdienste 'n gesamentlike poging behoort te wees. Ten einde samewerking te verkry, word dit aanbeveel dat al die betrokke organisasies reeds van die begin van die beplanningsfase betrek word. Die kinderhuis en eksterne organisasies moet gesamentlik gemeenskapslede identifiseer wat by hierdie dienste betrek kan word.
Alvorens daar enige verdere beplanning geskied, moet verseker word dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

al die betrokke partye ingelig is oor die lewering van gesinsherenigingsdienste. Indien die betrokke partye nie almal deeglik kennis dra omtrent die aard en eienskappe van gesinsherenigingsdienste nie moet die beplanningsvergadering voorafgegaan word deur 'n inligtingsessie. Opleiding van al die betrokke partye moet geskied voordat die diens geïmplementeer kan word.

Tydens die vergadering moet elke rolspeler se insette aangaande hul idees en opinies omtrent gesinsherenigingsdienste verkry word. Die partye moet, by daaropvolgende vergaderings, 'n gesamentlike plan vir die lewering van gesinsher-enigingsdienste opstel.

### 5.3.4 Kinderhuise

Uit mondelinge mededeling tydens indiensopleiding het dit onder die ondersoeker se aandag gekom dat die opname- en opvolgprosedure van die onderskeie kinderhuise verskil. Ten einde kwaliteit dienste te verseker word aanbeveel dat daar gepoog word om uniforme prosedures vir die kinderhuise daar te stel.

- Ten opsigte van kinderhuise se **opname prosedures** moet die volgende stappe geïmplementeer word.
  - Al die nodige dokumentasie moet voor opname aan die kinderhuis voorsien word. (Artikel 14(4)-verslag, hofbevel, geboortesertifikaat, kliniekkaart en skooloorplasingsvorm indien van toepassing).
  - 'n Afspraak moet gemaak word vir 'n paneelbespreking op die dag van opname. Die betrokke kind, ouers, ander betekenisvolle persone en die eksterne maatskaplike werker mo*et al*mal die bespreking bywoon.
  - Tydens die bespreking moet die kind, ouers, eksterne maatskaplike werker en kinderhuis maatskaplike werker se take en verantwoordelikhede uiteengesit word. 'n Tydskedule vir die evaluering van vordering en beoogde terugplasing moet opgestel word.

Hierdie stappe is nodig om die gesinsherenigingsspan in staat te stel om die kind en gesin onmiddellik na die kind se opname in die kinderhuis by die lewering van gesinsherenigingsdienste betrek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Opvolgpaneelbesprekings, wat reeds tydens opname geskeduleer behoort te word, moet op 'n gereelde basis geskied. Die ondersoeker is van mening dat hierdie opvolgpaneelbesprekings ten minste een maal per kwartaal gehou moet word. Tydens hierdie geleenthede moe*t al* die betrokke partye terugvoering aan mekaar gee oor die vordering wat gemaak word. Sodoende word almal aanspreeklik gehou en kan kwaliteit dienslewering verseker word. Besluite ten opsigte van die wenslikheid van die kind se uiteindelike terugplasing, kan ook by so 'n geleentheid geneem word.

- Na die terugplasing van die kind in die ouers se sorg, behoort daar vir 'n periode van ses maande nasorgdienste gelewer te word om die sukses van die terugplasing te verseker. Die rol van die gemeenskap is veral in hierdie fase, asook na terminering, baie belangrik, aangesien die gemeenskap die gesin se ondersteuningsnetwerk vorm.

### 5.3.5 Personeel benutting

Deeglike opleiding van al die betrokke partye wat met die lewering van gesinsherenigingsdienste gemoeid sal wees is, soos reeds genoem van kardinale belang.

- Beide die staat en nasionale rade behoort hierdie opleiding aan te bied ten einde die kwaliteit daarvan te verseker.

- Aangesien daar huidiglik nie enige finansies bewillig is vir die aanstelling van addisionele poste vir die lewering van gesinsherenigingsdienste nie moet die beste gebruik gemaak word van die bestaande personeel. Dit kan meebring dat interne verskuiwings en aanpassings van pligtestate nodig sal wees om personeel maksimaal te benut. Hierdie herstrukturering kan plaasvind binne beide die kinderhuis en ten opsigte van die eksterne organisasies. Elke inriginting en/of organisasie se verskuiwings moet egter individueel geskied, aangesien die potensiaal en belangstelling van personeel verskil.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 5.3.6 Verdere navorsing

- In die lig van die bevindinge van hierdie ondersoek wat daarop dui dat die statutêre verwydering van kinders 'n negatiewe invloed het en dat die lewering van gesinsherenigingsdienste deur kinderhuise en eksterne organisasies in spanverband die hereniging van hierdie gesinne kan bespoedig, word verdere navorsing hieroor aanbeveel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# BIBLIOGRAFIE


BABBIE, E. 1991. **The practice of social research**. (Seventh Ed.) Belmont: Wadsworth

BARTH, R.P. & PRICE, A. 1999. Shared Family Care: Providing Services to Parents and Children. **Child Welfare,**1:88-107

BERRY, M; CASH, S.J. & BROOK, J.P. 2000. Intensive Family Preservation services: an examination of critical service components. **Child and Family Social Work,** 5(3):191-204

CENTRE FOR DEVELOPMENT RESEARCH AND FACILITATION. **Family Preservation Pilot Project Report**. Durban

COMPTON, B.R. & GALAWAY, B. 1999. **Social Work Process**. Brooks/Cole Publishing Company: California

COURTNEY, M.E. 1994. Factors Associated with the Reunification of Foster Children with Their Families. **Social Service Review,** 68(1): 81-108

DE VOS, A.S. (Ed) 1998. **Research at grass roots: A primer for the caring professions**. J.L. van Schaik: Pretoria

DOOLAN, M. & PHILLIPS, P. 2000. Conferencing in New Zealand. **IN:** BURFORD, G. & HUDSON, J. (Ed) **Family Group Conferencing: New Directions in Community-Centred Child & Family Practice.** Aldine de Gruyter: New York

DORE, M.M. & HARNETT, J.M. 1995. The role of the volunteer in familypreservation services. **Families in Society,** 76(3):67-75

DWORETZKY, J.P. 1996. **Introduction to Child Development. 6th Edition**. West Publishing Company: Minneapolis

ENCYCLOPEDIA OF SOCIAL WORK 19TH Edition. 1995. NASW Press: Washington,DC

FEIN, E. & STAFF, I. 1991. Implementing Reunification Services. **Families in Society,** 72(6): 335-343.

FOUCHè, C.B. 1998. Data Collection methods.. IN: De Vos (ed.) **Research at grass roots. A primer for the caring professions**. J.L. van Schaik: Pretoria

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

FRASER, M.W.; PECORA, P.J. & HAAPALA, D.A. 1991. **Families in Crisis: The Impact of Intensive Family Preservation Services.** Aldine de Gruyter: New York

GAFFLEY, M. 1996. Family-Centred Residential Child and Youth Care: Towards a New Model. **Social Work/Maatskaplike Werk,** 32(4):350-359

GARDENER, H. 1998. The Concept of Family: Perceptions of Adults who were in long-term out-of-home care as children. **Child Welfare,** (6):681-700.

GERMAINE, C.B & GITTERMAN A. 1996. **A Life Model of Social Work Practice: Advances in Theory and Practice.** 2nd Edition. Columbia University Press: NewYork

GOLAN, N. 1978. **Treatment in Crisis Situations**. The Free Press:London

GRAYBEAL, C. 2001. **Families in Society,** 82(3):233-242

GRINELL, R.M. 1993. **Social work research and evaluation**. 4th Edition. F.E. Peacock Publishers: Illinios

GUTTIèRREZ, L.M., PARSONS, R.J. & COX, E.O. 1998. Empowermetn in Social Work Practice: A Sourcebook. Brooks/cole Publishing Company: Pacific Grove, USA

HEYING, K.R. 1985. Family-based in-home services for severely emotionally disturbed children. **Child Welfare,** 70(4):403-424

HUTCHINSON, E.D. & CHARLESWORTH, L.W. 2000. Securing the Welfare of Children: Policies Past, Present and Future. **Families in Society** 81(6):576-633.

HUYSAMEN, G.K. 1993. **Metodologie vir die sosiale – en gedragswetenskappe**. Southern Boekuitgewers (Edms) Bpk.: Halfweghuis

HOWE, D.; DOOLEY, T. & HININGS, D. 2000. Assessment and decisionmaking in a case of child neglect and abuse using an attachment perspective. **Child and Family Social Work,** 5:143-155

JACK, G. 2001. Ecological influences on Parenting and Child Development. **British Journal of Social Work,** 30:703-720

JANOSIK, E. & GREEN, E. 1992. **Family Life: Process and Practice**. Jones and Bartlett Publishers: Boston

KAPLAN, L. & GIRARD J.L. 1994. **Strengthening High-Risk Families: A Handbook for Practitioners**. Lexington Books:New York

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

KINNEY, J.; HAAPALA, D. & BOOTH, C. 1991. **Keeping families together: The Homebuilders Model.** Aldine de Gruyter: New York

KRüGER, S.P. 1996. Intensiewe Gesinsinstandhoudingsdienste: Riglyne vir 'n maatskaplikewerk-model ter voorkoming van substituutsorg. (D. Phil proefskrif) Universiteit van Stellenboshc: Stellenbosch

LEWIS, R.E.; WALTON, E. & FRASER, M.W. 1995. Examining Family Refunification Services: A Process Analysis of a Successful Experiment. **Research on Social Work Practice,** 5(3):259-282

LEASHORE B.R., MCMURRAY H.L. & BAILEY B.C. 1991. Reuniting and Preserving African American Families. **IN:** EVERETT, J.E.; CHIPUNGU, S.S. & LEASHORE, B.R. **Child Welfare: An Africenric Perspective.** Rutgers University Press: New Jersey

LUPTON, C. & NIXON, P. 1999. **Empowering Practice? A critical appraisal of the family group conference approach.** The Policy Press: Bristol

MALUCCIO, A.N. & DALY, J. 2000. Family Group Conferencing as "Good" Child Welfare Practice**. IN:** BURFORD, G. & HUDSON, J. (Ed) **Family Group Conferencing: New Directions in Community-Centred Child & Family Practice**. Aldine de Gruyter: New York

MALUCCIO, A.N.; FEIN, E. & DAVIS I.P. 1994. Family Reunification: Research Findings, Issues and Directions. **Child Welfare,** 73(5): 489-504

MALUCCIO, A.N.; FEIN, E. & OLMSTEAD, K.A. 1986. **Permanency Planning for Children: Concepts and Methods.** Tavistock Publications:New York

McAULY, C. & TREW, K. 2000. Children's Adjustment over Time in Foster Care: Cross-Informant Agreement, Stability and Placement Disruption. **Bristish Journal of Social Work,** 30:91-107

MIDGLEY, J. 1995. **Social Development: The Developmental Perspective in Social Welfare.**Sage Publications: London

MUNRO, E. 2001. Empowering looked-after chldren. **Child and Family Social Work,** 6(2):129-138

NEWMAN, B.M. & NEWMAN, P.R. 1987. **Development through life: A psychosocial approach.** The Dorsey Press: Illinois

OLSON, D.H. 1988. **Family perspectives in child and youth services**. Haworth Press: London

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

PARAD, H.J. & CAPLAN, G. 1976. A Framework for Studying Families in Crisis. **IN:** PARAD, H. J. (Editor) **Crisis Intervention: Selected Readings.** Family Service Association of America: New York

PECORA, WHITTAKER & MALUCCIO 1992. **The Child Welfare Challenge**. Aldine de Gruyter: New York

PINCUS, A. & MINAHAN, A. 1983. **Social Work Practice: Model and Method**. Peacock: Illinois

POTGIETER, M.C. 1998. **The Social Work Process – Development to Empower People**. Prentice Hall: South Africa

ROSS, R. 2000. Searching for the roots of conferencing. **IN** BURFORD, G. & HUDSON, J. **Family Group Conferencing: New Directions in Community-Centred Child & Family Practice**. Aldine de Gruyter: New York

SALEEBY, D. 1992. Introduction: Power in the People **IN**: SALEEBY, D. (Ed) **The Strength Perspective in Social Work Practice**. Longman:New York

SCHUERMAN, J.R.; RZEPNICKI T.L. & LITTELL, J.H. 1994. **Putting Families First; An experiment in Family Preservation.** Aldine de Gruyter: New York

SIEPPERT, J.D.; HUDSON, J. & UNRAU, Y. 2000. Family Group Conferencing in Child Welfare: Lessons from a Demonstration Project. **Families in Society,** 81(4):382-391

STAFF, I. & FEIN, E. 1994. Inside the Black Box: An Exploration of Service Delivery in a Family Reunification Program. **Child Welfare,** 73(3): 195-211

STURGEON, S. 2000. Empowerment: Observations on mental health in Sub-Saharan Africa. **Social Work/Maatskaplike Werk,** 36(1):79-87

SUID-AFRIKA DEPARTEMENT VAN GESONDHEIDSDIENSTE EN WELSYN. Administrasie: Volksraad Verslag van die Komitee van Ondersoek na Pleegsorg van Kinders. 1990

SUID-AFRIKA. Wette van die Republiek van Suid-Afrika. Wet op Kindersorg. 74 van 1983

SVIRIDOFF, M. & RYAN, W. 1997. Community Centred Family Service. **Familes in Society,** 78(2):128-139

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

THOMAS, R.M. 2000. **Comparing Theories of Child Development.** 5th Edition. Wadsworth/Thompson Learning: California

TRACY, E.M. 1991. Defining the Target Population for Family Preservation Services. **IN**: WELLS, K. & BIEGELS, D.E. (Ed) **Family Preservation Services: research and Evaluation.** Sage Publications: California

VAKTAAL KOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. **Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk**. Staatsdrukker: Pretoria

WALTON, E. 1998. In-home family-focused reunification: A six-year follow-up of a successful experiment. **Social Work Research,** 22(4):205-213

WELLS, K. 1995. Family Preservation Services in Context: Origins, Practices, and Current Issues. **IN** SCHWARTZ, I.M. & AuCLAIRE, P. (Ed) **Homebased Services for Troubled Children**. University of Nebraska Press: Lincoln and London

WEINER, A. & KUPERMINTZ, H. 2001. Facing Adulthood Alone: The Long-Term Impact of Family Break-up and Infant institutions, a Longitudinal Study. **British Journal of Social Work,** 31:213-234

WHITE PAPER FOR SOCIAL WELFARE 1997. Government Gazette 386 (181616), October 1997

WHITLEY, D.M.; WHITE, K.R.; WHITE, S.J. & YORKE, B. 1999. "Different" families. **Families in Society,** 80(2): 110-119

WORDEN, J.W. 1983. **Griefcounselling and Grief Therapy**. Routledge: Londond

WILLSON, S.I. 1998. The Feasibility of Intensive Family Preservation Services in South Africa. (MA Thesis) University of South Africa: Pretoria

YOUNG, D.S. & SMITH, C.J. 2000. When moms are incarcerated: The needs of children, mothers, and caregivers. **Families in Society,** 81(2)130-141

**ANDER BRONNE:**

www.polity.org.za

Witskrif vir Welsyn (1996)

Die Interministeriële Komitee vir Kwesbare Jeugdiges (1996)

Die Nasionale Program van Aksie vir Kinders (1996)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Armoede en Ongelykheid in Suid-Afrika (1998)

Konsepstrategie vir Kinderbeskerming (2000)

Konsep Nasionale Beleidsraamwerk vir Gesinne (2001)

'n Nuwe Afrika Inisiatief (2001)

VERVAARD, K. 2001. Departement Maatskaplike Dienste Provinsiale Administrasie Wes-Kaap. Telefoniese gesprek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# BYLAE A

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# MENINGSPEILING VAN MAATSKAPLIKE WERKERS BINNE KINDERHUISE TEN OPSIGTE VAN DIE UITVOERBAARHEID VAN GESINSHERENIGINGSDIENSTE VANUIT KINDERHUISE

## 1. Profiel van die maatskaplike werker

### 1.1 Geslag

Dui u geslag met 'n X in die ooreenstemmende blokkie aan

| | |
|---|---|
| Vroulik | |
| Manlik | |

### 1.2 Ouderdom

Dui met behulp van 'n X aan in watter ouderdomskategorie u val.

| | |
|---|---|
| 20 – 25 jaar | |
| 25 – 30 jaar | |
| 30 – 35 jaar | |
| 35 – 40 jaar | |
| 40 – 45 jaar | |
| 45 jaar + | |

### 1.3 Ondervinding

Dui met behulp van 'n X u aantal jare ondervinding in die kinderhuis en in welsyns organisasies aan.

| | |
|---|---|
| Aantal jare ondervinding as maatskaplike werker in 'n kinderhuis | |
| Aantal jare ondervinding as maatskaplike werker buite die kinderhuis | |

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 1.4 Opleiding ten opsigte van gesinsherenigingsdienste

Het u enige opleiding in die lewering van gesinsherenigingsdienste?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | | Nee | |

Indien **JA**, merk die aard van u opleiding met 'n kruisie:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Werkswinkels | | Omsendbriewe | |
| Selfstudie | | Beleidsdokumente | |
| Ander: | | | |

### 1.5 Gevallelading

Verstrek die volgende inligting:

| | |
|---|---|
| Aantal kinders in die kinderhuis se sorg | |
| Aantal gesinne wat verteenwoordig word deur die kinders in die kinderhuis | |
| Aantal gesinne in u gevallelading | |

## 2. Mening omtrent die belang van gesinsherenigingsdienste

Is die lewering van gesinsherenigingsdienste vanuit die kinderhuis, na u mening, nodig? Omkring u antwoord op 'n skaal van onnodig tot uiters nodig.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|
| Onnodig | Nie so nodig | Nodig | Baie nodig | Uiters nodig |

Motiveer u antwoord:

________________________________________________

________________________________________________

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


## 3. Verantwoordelikheid vir gesinsherenigingsdienste

Wie, na u mening, behoort verantwoordelikheid te neem vir die lewering van gesinherenigingsdienste aan die ouers? Motiveer asseblief u antwoord.

____________________________________________

____________________________________________

## 4. Die uitvoerbaarheid van gesinsherenigingsdienste vanuit kinderhuise

4.1. Is die lewering van gesinsherenigingsdienste vanuit die kinderhuis, volgens u, prakties haalbaar? Motiveer asseblief u antwoord.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ja | | Nee | | Onseker | |

Motivering:

____________________________________________

____________________________________________

4.2 Wat beskou u as moontlike hindernisse in die lewering van gesinsherenigingsdienste vanuit die kinderhuis?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


**5. Hoeveel van die gesinne in u gevallelading voldoen aan al drie van die volgende vereistes vir die lewering van gesinsherenigingsdienste:**

- Woon binne die kinderhuis se bedieningsarea
- Is bereidwillig/gemotiveerd om met die maatskaplike werker saam te werk
- Bedreig nie die veiligheid van die kind/ers en maatskaplike werker nie

| | |
|---|---|
| Aantal gesinne: | |

6. **Tydperk van kinders se verblyf in die kinderhuis**

Dui aan hoe lank die kinders, wat tans in die kinderhuis se sorg verkeer, reeds daar is:

| Tydperk in die kinderhuis | Aantal kinders |
|---|---|
| 0-2 jaar | |
| 2-4 jaar | |
| 4 jaar + | |

**7. Gemeenskapsbetrokkenheid**

Volgens die beginsels van gesinsherenigingsdienste moet die diens in spanverband aan die gesin gelewer word. Spanne kan wissel in grootte, maar moet ten minste drie lede hê, van wie een 'n **gemeenskapslid** moet wees.

Dra u kennis van gemeenskapslede in u bedieningsarea wat u by u gesinshereningspan sou kon insluit?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | | Nee | |

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


**8. Algemene Kommentaar:**

Baie dankie vir u samewerking en bydrae!

**SUSAN LERWICK**